# *Die Laodicése Kerktydperk*

Nou, hy het dit nooit voltooi nie. Ek het gesê: “Ek was laat vir my troue. . . ’n Bietjie laat gebore, bietjie laat vir my troue, as ek net kan laat wees vir my begrafnis!” Dis die een waarvoor ek regtig laat wil wees, baie laat.

2 Nee, dit was telefoonoproepe by die huis, ek kon skaars wegkom. En toe nadat my vrou en hulle vroeg weg is, het ek net soveel dinge gehad. En toe mense verskillende plekke, gebid, en net nou ingekom; en die openbaring het van die Here af gekom vir ’n broer; suster wat daaragter staan, siek; julle weet wat ek bedoel, dis net gaan, gaan, gaan, gaan. En ek het nog nie eens kon handskud met my vriende hier van Georgia af en verskillende plekke van oral, bo in Kanada nie. Ek voel net verskriklik sleg om nie julle hande te kan skud nie.

3 En, terloops, waar is Fred vanaand, Fred Sothmann? Fred, jy onthou daardie tyd wat jy my uit Kanada uit gebel het, afgekom het, en ek vir jou gesê het om nie per motor te kom nie? Jy het in elk geval gekom; het ’n ongeluk gemaak, soos. . . sy motor verongeluk, amper sy vrou doodgemaak, familie, sy neus gebreek, en hulle almal in die hospitaal laat beland.

4 ’n Rukkie gelede toe ek sou vertrek, presies op middag, het Broer Ben hier daarbuite gestaan, oorgekom na my toe. En Rosella het soontoe gekom, sy het gesê: “Ek gaan huis toe.”

Ek het gesê: “Rosella!”

Sy het gesê: “Wat’s fout, Broer Branham?”

Ek het gesê: “Ek voel baie vreemd daaroor.” Sien?

Gesê: “Gaan enigiets gebeur?”

Ek het gesê: “Ek weet nie. Dit lyk vir my, Iets het my gewaarsku.”

5 Sy het my ’n paar oomblikke gelede gebel, sy het ’n ongeluk gehad. En so, niemand seergekry nie, maar dit was die hand van die Here. En sy het gegly (Dis heeltemal verys in die Noorde.) en sy het gegly by Indianapolis, en begin gly oor die pad, baie vinnig in *hierdie* rigting. En sy het uitgeroep: “O Here, help my!” Die motor het weer teruggeswaai in *hierdie* rigting, teruggekom en in sy regte baan ingegaan, en weer reguit aangegaan. Sy het aangegaan met die pad, sy het gesê: “My, goeiste, hoe dankbaar is ek om daaruit te kom, want ander motors kom baie vinnig reguit in dieselfde baan aan, baie vinnig.” So sy het oorkant die pad gegaan, en toe daar gestop om. . . Ek glo, iets, sy het gestop om vir haar ’n koppie koffie te kry of iets. En net voor sy uit daardie motor geklim het, het ’n ander motor reg agter in haar vasgery, nog een agter hom, nog een agter hom, en daar het hulle almal

in mekaar vasgery. Maar sê sy was 'n bietjie ontsteld, maar nie erg nie, maar sy wou die Here dank, en het gebel om vir die kerk te sê om die Here te dank dat sy nie seergekry het of iets nie, en gevra dat die kerk aanhou bid dat sy by die huis sal kom. Sien, sy's 'n nuwe bestuurder, sy het pas haar lisensie gekry. So, ek's so dankbaar.

6 Maar dit betaal altyd om ag te gee op daardie waarskuwings van die Here. Gesê: "Wel," het sy gesê: "ek sal 'n dag se werk mis." Wat is 'n dag se werk? Meer gekos om die agterkant van die motor reg te maak, sien. So dis die beste om—om jou te maak . . . bly by die Here. Is dit nie reg nie? As Hy vir ons enigiets sê, beter ons Daarby bly. Want Hy's altyd reg. Is Hy nie? Altyd reg!

7 Nou, o, hierdie is net so 'n . . . was so 'n wonderlike week. Ek weet net nie hoe om myself uit te druk teenoor God en teenoor julle mense vir hierdie wonderlike week nie. Hierdie was van die gelukkigste agt dae wat ek nog ooit in my lewe gepreek het. Dit is waar. Ek het—ek het soveel van die Here en Sy teer genade geleer, en alles wat Hy vir ons gedoen het, en om Sy Gees te sien terugwerk in die kerk. En ek is so bly om die gawes weer te sien terugwerk in die kerk. Sien?

8 Nou, eenkeer daar, wanneer jy weg is, lyk dit net asof iemand sal inkom, dit net—net sal besoedel, julle weet, hulle net enigiets sal begin doen. En wanneer jy daardie gawes nie eer nie, sal God jou nie eer nie. Sien? Dis reg. Jy moet hulle reg maak. En, hoe ons dit wil hê, is net wanneer hulle in orde is, die manier wat hulle in tale praat. Nie net 'n Skrif aanhaal nie, maar iets vertel wat gaan gebeur. En as julle net sal voortgaan om eerbiedig te wees daarmee, sal dit begin . . . As enigiemand buite orde raak in 'n kerk, sal die Heilige Gees dit reguit uitspreek en vir hulle sê wie dit is. En daar, sal hulle—sal hulle aangekla voel en na die altaar toe gaan. Dis waarvoor daardie gawes daar is.

9 En om ons pastoor, Broer Neville hier, te sien, hy was 'n skaam, teruggetrokke soort van 'n seun. En ek sê vir julle, hy was . . . hy het gelyk asof hy dit nooit sou beetkry, wanneer dit by Pinkster gekom het nie. Maar om hom te sien opstaan en tale uit te lê en te profeteer, ek sê vir julle, hy het 'n ver pad gekom. Reg. Laat ons vir ons pastoor bid.

10 En, sien, die gawes het in die kerk begin inkom. En nog 'n klein, nederige broertjie hier, hy's hier, hy's . . . behoort hier iewers te wees. Ek reken hy is, hy is altyd. Hy's 'n baie nederige kêreltjie, was altyd een van die trustees hier by die kerk, Broer Higginbotham, 'n kosbare, goddelike man. En om te sien dat hy die gawe van praat in tale ontvang het, wie sou ooit gedink het dat Broer Higginbotham dit sou doen? 'n Skaam, teruggetrokke kêreltjie, wat nêrens bekend wou wees nie, het agter gestaan. Maar, sien, God kan 'n man soos daardie vat en hom gebruik, sien, want hy wil dit nie doen, in die eerste plek nie. As hy dit

wou doen, sou hy miskien opgeblase geraak het. Maar solank hy uitkom waar hy dit nie wou doen nie, kan God hom miskien gebruik soos daardie.

11 Junie is hier, hy's . . . o, hy's agter die kosyn van my.

12 Ek sal dit sê, ek het baie mense in tale hoor praat. En ek dink dit kom alles van God af, want jy kan nie 'n geluid maak sonder dat dit iets vir iemand, êrens beteken nie. Julle weet, die Bybel sê: "Daar is nie 'n geluid sonder 'n betekenis nie," beteken dat daar nie 'n geluid is sonder dat dit iets beteken nie. Jy kan nie enige soort van 'n uiting maak sonder dat dit iets beteken nie. Ek het dikwels gewonder hoe dit kan wees totdat ek Afrika toe gegaan en al daardie geluide gehoor het, en toe het ek uitgevind dat dit iemand se stem was. Partykeer is dit 'n engelestem, ensovoorts.

13 Maar Junie Jackson, 'n skaam, teruggetrokke, klein sagmoedige, plattelandse predikertjie, daarbuite van 'n Metodiste kerk, ver onder—onder in rondom Elisabeth, Indiana, ver agter in die agterwoude. Stil, sou niks sê nie, soort van teruggetrokke, gelyk asof hy . . . Ek sou partykeer sien, ek wou hom neem, hom skud, sê: "Sê iets, Junie, sien, hou net op om daar te sit en so na my te kyk."

14 Ons sou gaan sit op 'n stomp buite in die woude, en hy sou net daar sit en sê: "Wel, . . . ek reken . . . dis goed so."

15 Ek sou sê: "O, Junie, ek—ek voel asof 'laat ek dit vir jou sê,' jy sien. Jy's—jy's te stadig vir my, sien." En God het vir hom 'n—'n—'n gawe van praat in tale gegee; ek het nog nooit enige duideliker taal in my hele lewe gehoor nie. Sien?

16 Hou Hom dop in die kerk. Daardie vrou gesien praat vanmôre sonder om daardie ander vrou te ken? En een wat nie die ander een geken het nie, die klank van die stem waarin dit gesê is; en toe dit uitgelê is, in dieselfde klank, die klinkers, punktuasie; net dieselfde, wat terugkom. En die boodskap was volmaak, aan die kerk. Sien hoe dit is? Nou, ons behoort God te dank. Nou, moenie julle bors uitsteek nie. As julle sal, sal julle julleself verklein, en die duiwel sal julle beetkry. Wees net nederig; sê: "O Here, laat my verberg bly, moenie dat ek voortydig opstaan nie."

17 Hy sal jou nooit buite orde laat raak nie. As jy sal, eenkeer, sal dit nie—sal dit nie saak maak nie. As jy sal, sal—sal die pastoor hier vir jou sê. Sien, die—die gawes moenie wees wanneer jy . . . wanneer ons preek nie. Gewoonlik, as die gawes goed begin werk in die kerk, sal ons julle 'n lang tyd voor die ander diens laat vergader; die Here daar met jou laat werk, julle sien, want dan sal dit glad nie hierdie ander deel onderbreek nie. Nou, terwyl ons in die vergadering is, sal jy partykeer vir 'n rukkie moet stilbly. Maar as God 'n boodskap het, sal Hy dit op een of ander manier uitbring, sien, los Hom net uit, maar doen dit volgens die Bybellering. En Broer Neville sal miskien leer oor daardie dinge, wat ons sal probeer om dit te doen. Ek sal hom probeer aanhelp

soos wat ons kan, ons altwee saam, om dit uit te bring en julle wys hoe dit gebruik moet word.

18 Voel jy beter, my Poolse broer? Dis goed. O, hoe die Here hom geseën het! Agt jaar gelede, vir hom gesê iets gaan gebeur. Hy was heeltemal verward, 'n baie streng drie-enige. En die Here het gesê nou die dag: "Daar kom 'n man, hy het donker hare en bruin oë, fris. Moet hom nie wegwys nie, Ek stuur hom na jou toe." Ek het 'n Skrif uitgekies net waar hy verward was, vir my 'n stuk papier neergesit en dit daar neergelê. Na 'n rukkie het hy gekom.

My vrou het gesê: "Daar is 'n man daarbuite om jou te sien."

Ek het gesê: "Dis hy, bring hom in."

19 En hy—hy het vir my gesê wat vir hom gesê is in. . .onder die inspirasie van die Heilige Gees. Hoe hy altyd geglo het en vasgehou het aan die Boodskap, ensovoorts, onder sy mense; hoewel gekritiseer, het hy reg Daarby gebly. Gesê, 'n tyd gelede, in die diens, dat ek met hom gepraat het en sy naam genoem het. En hoe ek ooit daardie naam kon sê, weet ek nie. Hy sê ek moes—moes dit uitspel, of so-iets, in die diens. Gesê hy het 'n babatjie op sy arm gedra wat 'n uitslag op sy gesig gehad het, en gesê die babatjie is volkome gereinig, net volkome. En hoe die Here . . .

20 En ek het gesê: "Wel, die ding wat jy nou nodig het is om af te gaan na die kerk en gedoop te word in die Naam van Jesus Christus."

21 Ek het hom 'n rukkie gelede ontmoet bo-op die berg, want hy het afgekom, is gedoop in die Naam van Jesus Christus. Nou is hy heeltemal tevrede, voel goed, oppad huis toe. Ek hoop hy tolk vir my in Pole een van hierdie dae, en Duitsland, en in, daaragter in daardie plekke daar. Die Here seën jou, my broer.

22 Soveel groot ryk dinge wat ons Here doen! Net om Sy—Sy genade te sien, hoe Hy van oos, wes, noord, en suid, Sy dierbare kinders lei; wat bymekaarkom, uittrek, afskud. Soveel om te sê!

23 Nou, moenie vergeet nie, volgende Sondagaand, as ons Here wil, volgende Sondagaand, sal ons hê die. . .volgende Sondagoggend, liewer, 'n genesingsdiens. Die rede waarom ek dit sê, as daar dan miskien te veel is vir Sondagoggend, sal ek Sondagaand hê om op terug te val, julle sien. Maar as ek hulle almal kan uitkry Sondagoggend, wel, goed.

24 Woensdagaand is 'n middel-van-die-week biduur. Nou, vir julle mense wat hier rondom die huis is, kom julle mense hier bymekaar, hou biduur. Moet dit nie mis nie, bly reg daarby, sien. En bid, soek nader aan God. Moet nooit fanatisme onder julle laat inkom nie. Hou. . .Daar's te veel werklike om 'n valse te aanvaar, sien, moenie—moenie aan die verkeerde kant beland nie. Bly reg.

25 Ek het toe 'n bekende "Amen" gehoor wat ek vir jare nie gehoor het nie, Broer Russell Creech. Hulle sê vir my dat Patty die een was wat in tale gepraat het daaragter nou die aand. Patty, waar is jy? Jy hier, skat? Ja, goeiste, ek sou haar nie eers geken het as ek haar gesien het nie. Maar ek glo ek het daardie kind in my arms gehou en haar aan die Here toegewy, net hier. "En sy is 'n jong vrou," het Meda gesê: "'n jong, mooi, jong tienermeisie," met die krag van die Heilige Gees op haar, wat praat in . . . Russell, jy is 'n ryk man. Ja, jy is.

26 Waar is Suster Creech? Ek het haar nie gesien nie. Is sy hier? Daaragter. O, Suster Creech, hoe dankbaar is ek dat God jou 'n kind soos daardie gegee het, wel, jy besef nie hoe—hoe dankbaar nie. Op die ouderdom waar tienermeisies giggel en lag en aangaan, jy weet, met 'n klomp onsin van hierdie kêrels, hulle eendstert-haarstyl en alles, en soos daardie; en hierdie klein kindjie hier met die krag van die Heilige Gees, wat in tale praat hierbinne. O, goeiste!

27 Hmm! Hoeveel mans vanaand, Pinksterpredikers, wat hulle hele lewe sou gee as hulle hulle tienerdogter, wat buite by die ruk-en-rol partytjie is, dit kon sien doen.

28 Waardeer dit net—net, broer. Ek weet wat jy doen daar by die Hoofweg, ek het dieselfde ding gedoen, baie swaar dae gewerk, maar, broer . . . om daardie kinders groot te maak. Maar onthou, God is getrou, Hy beloon. Ja, beslis! "Ek sal vergoed."

29 God seën jou, Patty. Skat, ek—ek sou jou nie geken het as ek jou gesien het nie, reken ek, maar moet nooit daardie reguit pad verlaat nie, skat. Moenie dat die duiwel enig—enigiets in jou plaas, soos 'n mooi goue appel nie, want dit sal 'n suurlemoen wees, sien. Los die ding en laat staan dit so. Hou jou oë reg op Christus, reg op die Kruis. En bly voortbeweeg, want die uur is op hande. Sien?

30 Soveel dinge van aansporing wat ek net kon sê, die seëninge van God. Ek was nie in staat om baie te besoek nie, en hierdie hele week het ek nie vir meer as vyftig mense gebid nie, reken ek, en die kom en gaan, en die noodgevalle en wat ingekom het, ensovoorts, maar ek was besig om te studeer. Maar nou, volgende Sondag, sal ons bid vir die mense, en die Here vra om af te kom en ons die groot krag te gee, en Homself aan ons te manifesteer volgende Sondagoggend, as die Here wil.

31 O, ek haat net om te begin met hierdie kerktydperk, want ek weet dis die laaste een van hulle. En nou, hierin, gaan wees die—die afsluiting van die Sewe Kerktydperke. Het julle dit geniet? [Gemeente antwoord: "Amen!"—Red.] Nou, onthou, ek sê dit aan die einde soos ek het aan die begin, daar mag baie dinge wees—daar mag baie dinge wees waar julle hewiglik verskil het van my, maar moet dit nie teen my hou nie, sien. Wees net in elk geval lief vir my, want dit sal nie enige verskil maak wat jy sou doen of wat

jy sou sê nie, ek sal net dieselfde van jou dink; indien enigiets, meer, sien, indien enigiets, ek sou meer dink van jou. Maar ek het julle lief, God weet dit, daar is nie 'n mens wat die Naam van Jesus Christus kan noem wat ek hom nie liefhet nie. Sien?

32 En ek wil nooit enige bitterheid of onverskilligheid hê nie, hoewel ons hewiglik sou verskil. As ons by 'n tafel gesit het en een één soort tert geëet het, en een, 'n ander, dit sou net so goed soos reg hier wees, sien. Wanneer dit kom by gemeenskap hou met mekaar, het ons mekaar lief. En as ons dit nie doen nie, dan behoort ons dit doen. En as. . . ons sal nooit enigsins verder met God kom, voordat ons nie dit doen nie.

33 Moet net nie vergeet nie, moenie vergeet dat die grootste gawe, van al die gawes, liefde is nie. "Al praat ek met die taal van mense en engele, my liggaam gee as 'n brandoffer, alle kennis verstaan, ensovoorts, is ek niks. So. . . Maar wanneer dit wat volmaak is, wat liefde is. . . " As al die geestelike gawes nie saam gesement is met liefde nie, sal dit nie hou nie. Enige ander sement sal afbreek: "Maar die liefde vergaan nimmermeer." Sien, dis Een Korinthiërs 13.

34 Nou, vanaand, hierdie groot kerktydperk binnegaan. O, goeiste! Nou, ons mag kwart oor nege (vanaand) wees. En nou is ek sekerlik jammer dat ons nie genoeg plek het nie, maar. . . om almal te laat sit, almal 'n sitplek te gee nie, liewer, maar ons het dit net nie, en miskien sal ons eendag.

35 Maar nou wil ek hê julle moet vir my 'n guns doen. Julle sien my stand en julle weet wat dit my eendag gaan kos, julle sien, en die uur is naby. Sien? Nou, ek wil hê julle moet dit doen, bid altyd vir my. En onthou, ek was so eerlik as wat ek weet om eerlik te wees, sien. En ek besef dat ek nie meer 'n kind is nie, ek's een-en-vyftig jaar oud. En ek—ek toe my. . . Ek kan nie gaan totdat God my roep nie. En ek sal gaan op die manier wat Hy wil hê ek moet gaan, en dit sal dit wees. Sien? Maar ek moet eerlik wees en die Waarheid vertel, ongeag. So ek weet dis 'n eensame wandel partykeer, maar solank Hy met jou is, watter verskil maak dit? Sien?

36 Nou, voor ons hierdie groot kerktydperk binnegaan, wonder ek of ons nou net weer 'n oomblik kan staan vir gebed. Dit laat julle soort van strek en beter voel. Met die afsluitingsdiens, is daar. . . Hoeveel hier wil onthou word voor God? Steek net julle hande op na God: "Onthou my, O Here, aan die einde van die tydperk. Wanneer die lewe verby is, onthou my."

37 Ons Hemelse Vader, ons het nie genoeg tale om ons dankbaarheid te betuig vir die Teenwoordigheid van die lewende God wat in ons midde was hierdie afgelope week nie, vir die dinge wat ons van U geleer het, hoe U Uself aan ons geopenbaar het deur die tyd, en hoe U U Woord so duidelik gemaak het vir ons. Hoe ons op U gewag het, en hoe ons ons liefde probeer

uitdruk het—het, en dit nie kon doen nie, Here, want sterflike tonge kan dit nie doen nie. Om r-. . . om ons selfs te red en U . . . om ons selfs 'n honger na U te gee. Want dit is geskryf in die Woord: "Geseënd is hulle wat honger," (net om te honger, dis 'n seën) "honger en dors na geregtigheid." Toe het U daardie groot aanhaling gemaak: "Want hulle sal gevul word!" Nou, ons glo dit, Here. Vergewe ons ons tekortkominge.

38 En terwyl ons vanaand ingaan in . . . in hierdie laaste kerktydperk, wat Laodicéa is, nadat ons die Skrifte gesien het, en die geskiedenis elke keer presies reg getref het. So, Vader, ons weet dat die aanhaling van U groot profesie hier, van hierdie laaste tydperk, dit sal wees net soos al die ander ses tydperke was. Vader, ek bid dat U die Heilige Gees sal laat kom na ons vanaand, nou, en ons seën soos ons verder wag op U. In Jesus' Naam. Amen. Sit maar.

39 As die Here wil, die boek sal . . . gou soos ons kan. Broer Leo neem dit van die magnetiese band af, om te gaan na die . . . te gaan na snelskrif, van daar na die druk, dan na die boek.

40 En terloops, Rosella sal haar boek binnekort hê, *'n Alkoholis Gered*. Almal van julle onthou haar storie, hoedat die Heilige Gees haar in die diens geroep het. En sy was . . . is opgegee deur vier van die grootste alkoholisinrigtings, en weggewys van die hospitale wat daar in Chicago was. En die Here Jesus het dit binne een oomblik se tyd, alles van haar weggeneem. Sy gaan net van die tronk na ander plekke, vertel mense van hoe God kan verlos, praat met die alkoholiste ensovoorts. Sy was . . . deur haar getuienis, het baie mense gewen vir Christus.

41 Nou, die eerste kerktydperk, kan julle my sê wat dit was? Éfese. Tweede? Smirna. Derde? Pérgamus. Vierde? Thiatire. Vyfde? Sardis. Sesde? Filadelfia. Sewende? Laodicéa.

42 Die eerste kerktydperk was tussen 55 nC. en 170, Éfese. Smirna, 170 tot 312. Pérgamus, 312 tot 606. Thiatire, 606 tot '520. Sardis, '520 tot 1750. Filadelfia, 1750 tot ses . . . '06; nou, dit het die Laodicése tydperk begin, oorvleuel, en gisteraand het ons in die klein oorvleueling ingegaan. Nou, ons is vanaand, neem die einde van die Laodicése.

43 Ons glo dat die Laodicése kerk begin het in 1906 nC. Ek voorspel . . . Nou, onthou: "voorspel," veral julle wat na die bandopname luister. Ek sê nie dit sal wees nie, maar voorspel dat dit sal eindig teen 1977, dat die kerk totaal in afvalligheid sal ingaan en sy sal uit die mond van God gespuug word. En die Tweede Koms, of die Wegraping van Christus, mag enige tyd kom. Nou, ek kan dit 'n jaar mis, ek kan dit twintig jaar mis, ek kan dit 'n honderd jaar mis. Ek weet nie waar dit . . . Maar ek voorspel dit net volgens 'n visioen, wat Hy my gewys het, en deur die tyd te neem, die manier wat dit vooruitgaan, sou ek sê dit sal wees iewers tussen '33 en '77. Ten—ten minste, hierdie groot

volk gaan 'n oorlog kry wat dit uitmekaar gaan blaas, sien. Nou dis baie naby, dis vreeslik naby. En ek kan verkeerd wees, ek voorspel. Verstaan almal? Sê: "Amen" as julle doen. [Gemeente sê: "Amen!"—Red.] Sien?

44 Maar die Here het vir my 'n visioen van die groot magtige vrou gewys, in '33, 1933, dis op papier. Van hoedat "Roosevelt sou veroorsaak. . . hy het help veroorsaak dat die wêreld oorlog gemaak het." Hoedat "Mussolini sy eerste inval in Etiopië sou maak en hy sou dit inneem, maar hy sou aan 'n skandelike einde kom." En hoedat "Die drie ismes dan: Nazïsme, Fasisme, en Kommunisme, almal sou eindig in Kommunisme." En hoeveel hierbinne onthou my net bly. . . julle laat staan, en dit oorsê, ek sou julle sê: "Hou Rusland dop! Hou Rusland dop, die Koning van die Noorde! Hou Rusland dop, koning van die Noorde! Hou Rusland dop, koning van die Noorde!"? Hoeveel het my net hoor sê, dit net laat oor, oorwuif? Die oues, julle sien, terug in die vroeë deel van die kerk. Net daar gestaan en dit oor en oor gewuif: "Hou Rusland dop, die koning van die Noorde! Sien, wat hy sou doen, want al daardie ismes sou ophoop in Rusland."

45 Toe het ek gesê, dat "Hierdie volk sal uiteindelik oorlog maak met Duitsland. En Duitsland sou 'n betonmuur ombou." En dit was die Maginot Linie, elf jaar voordat dit ooit begin bou is, elf jaar vantevore. En ek het gesê: "Die Amerikaners sal 'n verskriklike pak slae kry by daardie linie." Party van die broers hier was by daardie linie, Broer Roy Roberson en hulle; vra hulle wat gebeur het. Hulle het beslis. Goed. "Maar uiteindelik," het ek gesê: "sal ons oorwin en sal een van die oorwinnaars wees in die oorlog tussen ons en Duitsland."

46 Nou, ek het gesê: "Dan na daardie tyd, dat wetenskap regtig sou vooruitgaan." Hulle het, hulle het die atoombom gemaak en alles. Ek het gesê: "Gedurende hulle vooruitgang, sou hulle maak 'n. . . motors sou die heeltyd begin vorm soos 'n eier." En julle onthou die ou groot enjinkap op die 1933, die groot agterkant wat afgekom het soos hierdie, die spaarwiel daar agterop? Kyk hoe is dit nou, sien: vaartbelyn, sien, soos 'n eier. En ek het gesê: "Uiteindelik sal hulle 'n motor uitvind wat hulle nie 'n stuurwiel daarin hoef te hê nie. Ek het 'n familie in die pad gesien afgaan. . . Noem dit: 'pad,' in 'n glasdakmotor, yslike groot mooi paaie en mooi motor. En hulle het gesit, na mekaar toe gekyk, en die motor het self bestuur, reg om die draaie gegaan en alles." En hulle het die motor net nou, dis alreeds uitgevind. Hulle het die motor. En ek het toe gesê: "O, hoe wetenskap sal vooruitgaan in daardie dag!"

47 Ek het gesê: "Toe het ek gesien 'n. . . Hulle gaan vroue toelaat en laat vroue toe om te stem. En deur te stem, sal hulle die verkeerde man instem een van hierdie dae." En hulle het in die afgelope verkiesing. Dit was die vroue se stem wat Kennedy ingestem het. Ons weet dit, sien, tussen die skelm masjiene

en opgestelde dinge, wat die FBI ontbloot het. En hoe kan enigiemand . . . Hoekom doen hulle nie iets daaraan nie? Hoekom word daar niks gesê nie? Hah! Bang iemand sal hulle werk verloor. Julle sien, dis net 'n klomp politiek, deur en deur verrot. Dis al. Sekerlik!

48 Daar is geen—is geen . . . is geen, verskoon my. Daar is geen verlossing in hierdie volk nie, daar is geen verlossing in enige volk nie. Verlossing is in Jesus Christus en Hom alleen! Uh-huh! Dis reg. Nou, ek's dankbaar vir Amerika. Ek sal liewer hier lewe as enige plek in die wêreld, want . . . buiten Kanada. Kanada en die Verenigde State is 'n tweeling, ons weet dit, buurvolke, wonderlike plek, maar ek—ek glo ek sal liewer hier woon as enige plek waarvan ek weet, want dis my huis. Ek is bly dat ek 'n Amerikaner is, en ek is dankbaar daarvoor. Maar ek sê jou, dit het beslis 'n teenherlewing nodig, dit het beslis. En dit sal dit nie kry nie! Nee, meneer. Sy sal nooit weer opstaan nie! Nee, meneer. Sy's gedaan! Julle onthou, omtrent vyf jaar gelede in Chicago, dis op band. Jy het dit, Gene. Ek het gesê: "Hulle sal Dit óf hierdie jaar ontvang, óf hulle sal die heeltyd afgaan." En hulle het dit gedoen, sien, en hulle sal dit doen totdat sy uiteindelik aan haar einde kom.

49 Maar daar sal 'n magtige vrou wees! Nou, onthou! Hierdie is ook op band. 'n Magtige vrou, groot vrou, sy sal óf President wees, óf dit sal 'n vrou wees wat die Katolieke kerk verteenwoordig (wat ek dink dit is) wat eendag sal oorneem hier, en sy sal hierdie volk regeer. Hierdie volk is 'n vrou se volk. Vlag is deur 'n vrou gemaak, dis nommer dertien. Sy het begin, dertien sterre, dertien strepe, dertien kolonies. Alles is dertien, dertien, dertien, regdeur. Dertien sterre op haar silwer dollar nou. Alles is dertien. Dis nommer dertien, en dit verskyn in die 13de hoofstuk van Openbaring. Geheel en al dertien! Alles is "vrou, vrou, vrou, vrou, vrou," regdeur. En sy het al die ampte oorgeneem. Sy het Hollywood oorgeneem. Sy het die volke oorgeneem. Sy het die kantore oorgeneem. Sy het alles wat daar is oorgeneem; gelyke regte met die man, stem saam met die man, vloek soos 'n man, drink soos 'n man, al die res. En net aas vir die Katolieke kerk, vir die aanbidding van 'n vrou! Hulle aanbid in elk geval alreeds 'n vrou.

50 Sy's die beste . . . 'n Onsedelike vrou is die beste aas wat die duiwel ooit gehad het. Sy is erger as al die kroeë wat daar al ooit was. Sy kan meer siele hel toe stuur as al die kroeë in die land. Dis reg.

51 "'n Goeie vrou is 'n juweel in 'n man se kroon," het die wysste man op aarde gesê. 'n Man behoort 'n goeie vrou te eer, sien. "Maar 'n bose een is water in sy bloed," en sy bloed is sy lewe. Julle mans wat goeie vroue het, julle weet nie hoe julle God behoort te dank vir 'n goeie vrou nie! Want as God 'n man enigiets beter kon gee vir 'n hulpmaat, sou Hy dit gedoen het.

Maar ’n vrou is die beste hulpmaat wat God ’n man kon gee. Maar wanneer hulle draai . . .

52 Sy was die een in die tuin van Eden wat Satan gekies het as sy werktuig. Hy het nie die man geneem nie, hy het die vrou geneem. Hoekom het hy nie na Adam toe gegaan en hom passie gegee nie? Hy het na die vrou toe gekom en vir haar gegee, sien, want dit was die een wat hy gekies het. God het die man gekies, en Satan het die vrou gekies.

53 En kyk reg af, en aan die einde . . . Toe Babilon opgestel is aan die begin, Hislop se *Twee Babilons*, ’n vrou! Toe dit afgekom het in die tydperk in; nou beëindig dit die Heidense tydperk. Babilon het so begin, en eindig met ’n vroue-aanbidding (Maria) in die kerk. Wat ’n dag lewe ons in!

54 Nou, die *Laodicéa*, die—die Laodicése tydperk, die woord beteken “louwarm.” Dis verryk, en dink sy het niks nodig nie. Maar die Bybel sê dat sy “ellendig, blind, beklaenswaardig, en naak is.” Wat ’n toestand!

55 Die beloning aan hulle wat oorwin in hierdie kerktydperk, is om “te sit op die troon saam met die Here.”

56 Nou, die ster, of engel, of boodskapper van hierdie kerktydperk, is onbekend.

57 Nou, die eerste kerktydperk boodskapper, wie was dit? Paulus, Éfese. Smirna? Irenaeus. Pérgamus? Sint Martin. Thiatire? Columba. Sardis? Luther. Filadelfia? Wesley. En in die . . . hierdie Laodicése, weet ons nog nie, en sal waarskynlik nie totdat dit alles verby is nie.

58 Maar ek sal net graag my aanhaling wil gee van wat hierdie engel sal wees, waarna ons soek. Sal dit reg wees? [Gemeente sê: “Ja! Amen!”—Red.] Siende dat ons ’n bietjie tyd het, ek het net ’n klein aanhaling hier geskryf wat ek gedink het.

59 Die engel van hierdie Laodicése kerk, om dit te voltooi. Nou, hy sal aan die einde van die tydperk wees, soos die res van hulle, soos die Bybel. Hy sal aan die einde van die tydperk wees. Nie die eerste daarvan nie, aan die einde daarvan, want die engel kom altyd om te bestraf vir . . . hulle vir wat hulle gedoen het. “Aan die—aan die engel van die kerk van Laodicéa skryf hierdie dinge.”

60 Sien: “Aan die engel van die kerk van Smirna skryf hierdie dinge.” Sien, elkeen is aan die engel aan die einde van die tydperk. Paulus, die einde van die tydperk. En verderaan, einde van die tydperk. Die oorvleueling, einde van die tydperk. Einde van die tydperk, dis wat dit laat oorvleuel. Sien: “Aan die engel,” wat spreek wat was. Hierdie oorvleuel hier: “Aan die engel,” die einde van daardie tydperk. Sien, wat reg hier optel, die oorvleueling maak soos trappe wat opgaan, die Sewe Kerktydperke.

61 Nou, hierdie engel wat in hierdie dag kom, ek wil . . . Ek het iets neergeskryf hier, ek wil dit net graag lees. Maar hy sal die laaste deel van die tydperk bekend wees. En omdat ons so naby is daaraan—so naby aan daardie Ligtydperk, dat hy waarskynlik nou op aarde is. Sien, ken hom nie. Hy sal 'n—'n magtige profeet wees wat verwerp sou word deur die kerkwêreld, want hulle sal reguit voortgaan in hulle sondes en uiteindelik uit die mond van God gespuug word, uit die mond van God se Teenwoordigheid.

62 Ek glo dit sal een wees soos Elía. Ek gaan my redes gee hoekom. Nou, kom ons blaai net hier oor na die Boek van Maleági, net 'n oomblik, ek gaan vir julle gee waarom ek dink dit gaan een wees wat gesalf is met die Gees van Elía. Nou, ek wil hê julle moet nou julle—julle genadepet opsit. Maleági, die 4de hoofstuk. Nou, luister terwyl ek lees, en jy in jou Bybel. Nou, dink baie goed nou vir die volgende paar minute, nou, voordat ons in die kerktydperk ingaan.

> *Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles . . . almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n* stoppels *wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die* H*ERE van die leërskare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie.*

63 Wat sê Hy? Hy praat oorkant van 'n dag wat kom. Sal julle daaroor saamstem? Na 'n dag van die koms van die Here.

> *Maar vir julle . . .*

64 Kyk nou, nou praat Hy terug met Israel. Nou, wat het Hy gesê? "Want, kyk die dag kom (ver oorkant) wat sal brand."

> *Maar* aan *julle wat My Naam vrees . . . die son van geregtigheid* sal *opgaan, en daar sal genesing onder Sy vleuels wees, en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.*
>
> *En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal wees soos as onder julle voetsole op di- . . . op die dag wat Ek skep, sê die* H*ERE van die leërskare.* (Nie . . . Die dag wat Hy die aarde sal verbrand, sal ons op hulle as trap. Dis die Millenium, natuurlik, sien.)
>
> *Dink aan die wet van Moses, My kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel; insettinge en* verordening.
>
> *Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag . . .* H*ERE aanbreek.*
>
> *En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die* harte *van die kinders tot* die *vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie.*

Die einde van die Ou Testament.

65 Nou, Jesus het gesê. . .Matthéüs 17:10, hiervan gepraat. Al die Jode soek na die koms van daardie Elía. Nou, kyk wat Jesus gesê het daaroor, Matthéüs 17:10. Ons sal begin by die 9de vers, Matthéüs 17:9:

> *En onderwyl hulle van die berg afklim, het Jesus hulle bevel gegee en gesê:* Vertel niemand van. . .*Julle moet vir niemand iets van die gesig sê* (Sien: "Moet dit nie vertel nie. Julle weet dit, maar hou dit vir julleself.") . . . Vertel vir niemand die visioen, *voordat die Seun van die mens uit die dode. . .gestaan het nie.* Moet dit nie vertel nie.

> *En Sy dissipels vra Hom en sê: Waarom* het *die skrifgeleerdes dan* gesê *dat Elía eers moet kom?* Waarom is dit dat Elía eers moet kom voordat hierdie Christus moet kom, die Seun van geregtigheid? Hoekom het hulle dit gesê? Hier, U is alreeds hier, en die skrifgeleerdes het gesê dat—dat Elía eers sou kom.

Nou, kyk:

> *En Jesus antwoord en sê vir hulle: Dis waar, Elía* kom, *sal eers kom en sal alles herstel.*

> *Maar Ek sê vir julle dat Elía al gekom het, en julle het hom nie erken nie,* (Sien, Hy het nie gesê wie hy was nie, sien.) *maar het aan hom alles gedoen wat* julle *wou. So sal die Seun van die mens ook deur hulle ly.*

> *Toe verstaan die dissipels dat Hy met hulle van Johannes die Doper gespreek het.* (Nou—nou, Johannes die Doper was die Elía wat moes kom.)

66 Nou kyk, ek gaan weer terug na Maleági die 4de hoofstuk. Nou onthou, Hy het hier gesê dat "Voor die groot en edele, verskriklike Dag van die Here sal aanbreek, sal Ek vir julle Elía die profeet stuur." Die 5de vers:

> Maar *Ek stuur* vir *julle. . .die profeet. . .Ek stuur* vir *julle die profeet Elía voordat die groot en verskriklike dag van die*. . . [Gemeente sê: "*HERE!*"—Red.]

67 Wat vind ons "in die Here se Dag"? Aan die einde van die tydperk! Dis wanneer die wêreld verbrand gaan word. Onthou julle toe ons Hom geneem het met 'n wit pruik op, julle weet, en—en Sy bors, en omgord om die bors. Onthou julle dit? En ons het bewys met die Bybel, dit was nie 'n *sabbat*dag of 'n *Sondag* nie, dit was die Here se Dag. Is dit reg? En dis die dag wat Hy as 'n Regter kom: "En die aarde met 'n banvloek tref." Is dit reg?

> En *Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek.*

68 Nou, hou die veelvuldige koms van Elía dop. Nou, as julle sal oplet, alle Skrif het veelvuldige betekenisse: "Maar Dit is verberg vir die oë van die wyse en verstandiges, en geopenbaar

aan kindertjies wat wil leer." Glo julle dit nie? Nou, hou Maleági 4 net daar.

69 En nou laat ons teruggaan na Matthéüs 2 net 'n oomblik, net reg oorkant die bladsy, Matthéüs 2. Ek dink ek moes Lukas 2 bedoel het, in plaas van Matthéüs 2. Ek het dit hier neergeskryf, maar ek het vinnig gemaak net 'n paar oomblikke gelede, en die Heilige Gees was in die vertrek op my en ek het net 'n wonderlike tyd gehad. So ek het bedoel. . . 2, kom ons kyk of dit hierdie is. Nou, laat ek net 'n bietjie hier bestudeer. Matthéüs 2? Dit is nie waarna ek soek nie, is dit? Nou, net 'n oomblik, ek sal dit kry net binne. . . Gee my net 'n klein tydjie hier, want ek wil hê julle moet dit sien, dat die Skrif 'n veelvuldige betekenis Daaraan gekoppel het. *Die Aanbidding van Anna; Terugkeer na Násaret; Die Pasga; Die Bediening van Johannes*. Nou laat ek sien of ek Lukas kon bedoel het, ek het iewers gelees en. . . Ek—ek bedoel Markus in plaas van Lukas, kon Markus gewees het. Maar ek wil hê julle moet hierdie Skrif kry sodat—dat julle sal weet dit is die werk van die Here, dat Hy dit wel soos hierdie doen. Nou, ek sal julle sê waarna ek soek, waar die: "Uit Egipte het Ek My seun geroep." Iemand met 'n kantlyn aantekening, wat dit sommer vinnig kan kry of dit kan vind? "Uit Egipte het Ek My seun geroep, het Ek My seun geroep." Nou, net 'n oomblik.

70 ['n Broer sê: "Lukas 1:17."—Red.] Lukas 1:17. Dankie, broer. Dis reg, Lukas 1. Markus. . . Lukas 1:17, in plaas van 2. Ek wil die 14de kry, dis waar. . . Dis reg, broer. Dis presies reg, Lukas 1:17. Goed. Nou, nou kan julle dit afmerk. Nou, wat dit is, dis uit die seëninge van die Here, dat dit geseënd is.

> *En hy sal blydskap en verheuging vir jou wees, en baie sal oor sy geboorte bly wees.*
>
> *Want hy sal groot wees voor die Here. En wyn en sterk drank sal hy nooit drink nie,*

71 Hierdie man wat kom, sal geleer word van sy geboorte af om nie te drink of enigiets te doen te hê met sonde soos daardie nie. Begryp julle dit?

> *. . . en hy sal vervul word met die Heilige Gees reeds van die skoot van sy moeder af.*
>
> *En hy sal baie van die kinders van Israel bekeer tot die Here hulle God.*
>
> *En hy sal voor Hom uitgaan in die gees en* die *krag van Elía, om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges, om vir die Here 'n toegeruste volk te berei.*

72 Nou, nou ons besef dat hy geprofeteer is, en Johannes was daardie persoon! Is dit reg? Johannes was die Elía, van daardie dag, wat moes kom.

73 Nou, ons weet ook dat Skrif partykeer twee dinge beteken. Ek sal een ding sê, soos daar oorkant in Mattheüs waar Dit gesê het: "Uit Egipte het Ek My seun geroep." Goed, ek glo dit was waarna ek gesoek het: "Uit Egipte het Ek My seun geroep." En dan as julle daardie "seun" verwysing daar volg, was Hy. . . het nie. . . Dit het teruggegaan na Hoséa, wat nie *Jesus*, Sy Seun beteken het nie; dit was—was *Israel*, Sy seun: "Uit Egipte het Hy Israel geroep." Maar dit het 'n veelvuldige betekenisse gehad en 'n groter begrip daarvan, toe dit bedoel het en gepraat het van—van Jesus se koms, wat groter as—as Israel was, toe Hy Israel uitgeroep het. Goed.

74 Nou, ons vind ook uit dit het. . . in Sy eerste koms nie op die Dag van die Here was nie. Is dit reg? Nou, terug na Maleági, laat ons eers hierdie duidelik maak: "Koms van die Dag van die Here." Nou, hou Sy veelvuldige koms dop, Sy een koms en Sy tweede. Het julle julle geestelike denke gereed? 6de vers nou: "Hy sal. . ."

> . . . Hy *stuur. . . Elía. . . voordat. . . die groot en vreeslike dag van die* HERE *aanbreek.* (Is dit reg?)

75 Nou, ons besef dat dit nie Johannes was nie, want dit was nie die vreeslike Dag van die Here nie (was dit?), en Hy. . . óf het Hy die aarde verbrand nie. So dit moes 'n voorskou beteken het, of—of 'n toekomstige koms van Johannes. . . of van—van Elía. Is dit reg? Want Hy het gesê: "Ek sal Elía stuur, en Ek gaan die hele aarde verbrand, en Ek gaan dit net skoonmaak, en julle sal uitstap op hulle as." Dis die Millennium, ons weet dit. Na die atoombom dit uitmekaar gaan blaas, dan sal daar wees. . . die aarde sal regop kom. En daar sal 'n groot Dag kom hier op aarde, en die Kerk sal regeer saam met Jesus op die aarde vir 'n duisend jaar. Is dit reg? "Maar voor daardie groot en vreeslike Dag van die Here, wanneer dit opgeblaas gaan word, sal Ek vir julle Elía die profeet stuur." Is dit reg? So dit het nie Johannes die Doper in daardie opsig beteken nie, want die vreeslike Dag van die Here was nie toe nie, tweeduisend jaar ver. Is dit reg?

76 Nou, hou die volgende vers dop. En as julle baie geestelik sal wees nou; nou, hierdie is 'n liefdesbrief, en julle moet tussen die lyne lees en dan word dit reg gemaak. Julle weet wat ek bedoel. Onthou hoe ek gesê het, die Skrif: "Jesus het God gedank dat Hy Dit verberg het van die wyses (vir die oë) en verstandiges, Dit openbaar het aan kindertjies." Nou, ek het dikwels geïllustreer van my vrou wanneer sy vir my 'n brief skryf; ek kan sien wat sy in die brief sê, maar ek lees tussen die lyne om te weet wat sy bedoel, sien, omdat ek haar liefhet en ek—ek haar geaardheid ken. En jy moet God se geaardheid ken en Hom liefhê, dan staan die Skrifte reg uit vir jou. Hy openbaar Dit.

77 Nou, hou die volgende vers dop:

> *En hy sal die* harte *van die vaders terugbring tot die kinders,* (Nou, kyk.*) en die* harte *van die kinders tot* die *vaders,* . . . (Sien?)

78 Nou, toe Johannes as Elía gekom het, het hy die harte van die Israeliete teruggebring, die harte van die kinders, wat toe sy boodskap aanvaar het, die harte van die vaders na die kinders. Maar wanneer hy *hierdie* keer kom, gaan hy die harte van die Kerk terugbring na die Pinkstervaders. Sien, dis omgekeerd daar. Begryp julle dit? Nou, lees Dit!

79 Nou, luister nou goed:

> *En hy sal die* harte *van die vaders terugbring tot die kinders*, . . .

80 Die ou ortodokse priester; hy gaan hulle vertel dat: "Wel, God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te rig. Moenie dink dat jy kan . . . " Sien? Nou, hy gaan die harte van die ou verharde ortodokse priester neem en hulle harte terugbring na die Geloof wat die kinders hier gehad het. Sien: "Nou, al hierdie wat gedoop is en wag op die komende Messias. Wie het julle gewaarsku, julle addergeslag, om te vlug vir die oordeel wat kom?" O, goeiste! Julle sien: "Hy was besig om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders."

81 "En die harte van die kinders tot die vaders." Nou, wanneer *hierdie* groot Elía kom aan die einde van hierdie tydperk, sal hy die Boodskap van Pinkster neem om die kinders terug te bring na die Geloof van die vaders, want hy sal hulle bestraf omdat hulle nie hierdie selfde Geloof behou het wat destyds daar aan die begin was nie. Amen! Nou, ek dink ons besef baie goed dat dit Elía gaan wees. Nie waar nie? Nou ons weet dit.

82 En dit het . . . Nou julle sien, die vreeslike Dag van die Here het nog nie gekom nie. Ek het dikwels gewonder: "Sal hierdie man dan net 'n prediker wees?" Elía het net wonderwerke gedoen, geen prediking nie. Maar toe sy Gees op Johannes was, het Dit net gepreek en geen wonderwerke nie. Hoekom? Jesus sou hom volg, Hy sou die wonderwerke doen: "Want die Son van geregtigheid sou opkom," het hy gesê: "met genesing onder sy vleuels." So Johannes het glad nie nodig gehad om wonderwerke te doen nie, hy het net die koms van die Christus aangekondig. En hulle . . .

83 Nou, onthou, en hierdie Johannes . . . of hierdie Elía wat sal kom, sal misverstaan word, hy sal so 'n groot magtige man wees voor die Here, dat mense sal dink hy's die Messias.

84 Omdat sy heel beste vriende vir hom gesê het: "Jy's die Messias."

85 Hy het gesê: "Ek's nie waardig om Sy skoene los te maak nie, maar Hy kom ná my!"

86 Omdat hulle onder verwagting was, toe, om 'n Messias te sien, hulle het gedink die Messias sou kom. . . Toe hulle hierdie groot fenomeen onder hulle sien opkom, het hulle gesê: "Hy is die Messias."

87 Johannes het gesê: "Ek's nie Hy nie! Maar Hy kom ná my!"

88 O, goeiste! Begryp julle dit? So sy beste vriende sal dink hy is die Messias.

89 Nou, let op nog iets wat sal plaasvind, sy geaardheid, hy sal net voor die Here se Dag kom. Nou, die aarde het nooit gebrand in die dae van Johannes nie, so dit is in die toekoms. Toe hy die eerste keer gekom het, het hy net gepreek; die tweede keer, sal hy—hy beide preek en tekens doen, wat belowe is deur Jesus Christus. Goed, nou, laat ons na die geaardheid kyk, wat dit sal wees, die geaardheid van hierdie profeet wat kom.

90 Nou, ons is tevrede dat die engel van hierdie laaste kerktydperk, voorspel van die Ou Testatament af; nou, die res van hulle was nie. Paulus, Irenaeus, hulle was nie voorspel nie. Maar hierdie laaste tydperk, aan die einde van die voleinding, die einde van die wêreld, sal dit so 'n geweldige tyd wees wat ons voor ons het, so hierdie engel van hierdie tydperk is voorspel die heelpad terug in die Skrif, die Ou Skrif, die afsluiting van hierdie tydperk. Dis Elía, die groot gesalfde.

91 Nou, kyk! Watter soort geaardheid sou Elía hê? Eers, sal hy 'n magtige profeet wees, getrou aan die Woord van God, want Elía was getrou, en Johannes was getrou. Dis reg. Deur tekens en wonders te doen, die harte van die kinders terugbring tot die Geloof van die Pinkstervaders. Hy sal denominasies haat soos Elía het. Dis reg, hy sal! Ek dink ons het net die ding aan die gang gekry vir hom nou; omtrent tyd dat hy kom. Hy sal denominasies haat! Elía het hulle gehaat, en Johannes het ook denominasie gehaat.

92 Johannes het gesê: "Moenie kom, dink: 'Nou ons het Abraham as ons vader nie.' Julle Fariseërs en Sadduseërs, julle klomp slange! Slange in die gras," met ander woorde. "Want ek sê vir julle, God is in staat om kinders van Abraham uit hierdie klippe op te rig."

93 Elía het gesê: "Hulle het almal afgedwaal, elkeen van hulle! Niemand oor behalwe net ek nie." O, goeiste!

94 Hy sal ook modieuse vroue haat! Elía het: Isébel. Is dit reg? Johannes het: Heródias. Albei van hulle profete, die Gees, dieselfde Gees. Hulle het die denominasionele wêreld gehaat, die kerkwêreld. Hulle het ook modieuse, nikswerd vroue gehaat. Hulle. . . Iets in hulle gees het uitgeroep teen die ding! Isébel het Elía se kop gesoek en sou dit afkap; en sy het ook Johannes s'n laat afkap, het Heródias. Albei van hulle!

95 Hierdie profeet sou ’n liefhebber van die wildernis wees! Soos Elía, hy het alleen in die wildernis gebly. Johannes, in die wildernis, alleen. Dan weet ons dit gaan Elía wees. Goed.

96 En hierdie profeet sal een wees wat by die ware Woord van God sal bly. Ja, hy sal Daarby bly, die hele Woord. Waarvoor? Om ’n Geloof terug te herstel (aan die Éfesiese kerk) wat hierdie hele tyd verlore was, Geloof, in die kerk wat ’n “oop Deur” voor dit gestel is en Dit verwerp het.

97 Nie ’n geleerde persoon nie. Elía was nie ’n geleerde persoon nie, die Tisbiet. Johannes was nie ’n geleerde persoon nie. Lukas 1:67, die Bybel het gesê dat hy was . . . “Dat die kind was in . . . sodra hy gebore is, het hy in die woestyn ingegaan, was in die woestyn, tot die dag wat hy aan Israel gewys is.” Dis reg. 1: . . . Lukas 1:67 tot die 80ste vers, as julle dit wil afmerk.

98 Hierdie profeet sal ook ’n buierige soort kêrel wees. Elía, na hy ’n groot byeenkoms gehad het, kon niemand met hom klaarkom nie. Elía het buie gehad. Toe hy daar uitgegaan het en vuur uit die hemel uit geroep het en die altare van Baäl verbrand het en alles, het hy uitgehardloop in die wildernis en hy het gesê: “Here, ek’s niks beter as my vaders nie, laat my sterf.” Is dit reg? (En Johannes . . .) Hy—hy het onder ’n besembos gaan sit, en na die groot herlewing, nou wou hy sterf.

99 En Johannes, toe hulle hom in die tronk gegooi het (hierdie bose vrou) het hy daaragter gesit en buierig begin raak. Ek glo Pember of een van hulle het gesê: “Sy arendsoog het dof geword, in die tronk.” Hy het van sy dissipels gestuur.

100 En, wel, hy het verklaar, gesê: “Daar’s die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.” Johannes het die Vuurkolom oor Hom sien hang, soos ’n Duif, en neerdaal, op Hom gaan sit. Dit alles gesien, en gesê: “Dis die Lam van God!” En gesê: “Ek moet deur U gedoop word, en waarom kom U na my toe?”

Jesus het gesê: “Laat dit nou toe.”

101 Maar toe hulle hom in die tronk gesit het, raak hy sommer gou terneergedruk. Sien, soort van moeilik, kan hom skaars bemoedig. En toe hulle het, het hy gesê: “Gaan vra Hom of Hy regtig dié Een is, of moet ons na ’n ander een soek wat sal kom?” Net presies soos Elía het, sien, net dieselfde.

102 Hy’s soort van ’n buierige soort kêrel, so ons voel jammer vir hom, want ons weet wat dit is. Goed.

103 Nou, nou by . . . Die—die Kerk, tydens sy manifestasie . . . Ek beter daardie een uitlos. Tydens sy manifestasie, die—die Kerk . . . Wanneer hy homself bekendmaak, hierdie magtige Elía wat God vir ons sal stuur, wanneer hy homself bekendmaak soos Elía het, was die Kerk gereed om verlos te word, verlos uit die hande van heidendom. Is dit reg? Net toe hy daar opgekom en gesê het: “Ons sal bewys wie God is,” Elía het die Kerk verlos. En

Johannes, net soos Johannes het, hy gesê het, toe hy Jesus gesien het, het hy gesê: "Ek moet minder word en Hy moet meer word." Johannes het begin preek, homself bekendgemaak net voor die koms van die Here. Reg aan die einde, die manifestasie. Goed.

104 Nou, ons vind uit dat Elía hierdie tydperk moet beteken vir hierdie Kerk. Om te bewys dat dit Elía was: Elía, nadat hy sy profesie gegee het, hoef Elía nie te gesterf het nie, hy is weggeneem en is in die Hemel ingeneem; 'n tipe van die Kerk (aan die einde van hierdie Elía wat sal kom, aan die einde van *sy* tyd), sal die Kerk in die Wegraping gaan, sonder om deur die skadu's van die dood te gaan. Dit sal die Wegraping wees! Ek glo die groot Elía, die grote wat moet kom, sal die gesalfde Elía wees wat geprofeteer is vir die laaste dae. Amen! Ek dink, wanneer hy kom, sal hy die engel, of die boodskapper na die kerk in die laaste dae wees ('n verwerpte, vernederde volk, soos wat hierdie kerk sal word, en alreeds is). Ek dink Elía is belowe in die Bybel. Ek dink ons kan dit verstaan, dat Elía die een was wat belowe is in die Bybel om in hierdie dag te kom. Glo julle dit?

105 Nou, kom ons blaai nou na Laodicéa en ons sal sien wat ons Here vanaand vir ons wil sê oor Laodicéa, 'n Laodicéa. Goed, die groet aan die kerk:

> . . .*aan die engel van die* Here. . .

106 Die 14de vers tot die 3de hoofstuk van Openbaring:

> . . .*skryf aan engel van die* Here. . .*van*. . .*Laodicense: Dít sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie,* en *die begin van die skepping van God:*

107 O, goeiste! Ons het heel. . .As ons heelaand gehad het op daardie net daar, hoe die Here dit aan ons sou openbaar! Kyk!

108 Die "Amen" is die "Laaste." Hy het die heelpad deur verskyn, en veskillende dinge, maar hier is die laaste kerktydperk waar dit sê: "Ek is. . .Hierdie is die einde, Ek is die Laaste."

109 Nou, om te wys dat Hy ook die "Eerste" was, soos Hy was, Hy's "die begin van die skepping van God." O! Begryp julle Dit? Sien? Hoe kan God geskape word as Hy 'n Gees is? Hoe kan Hy wees? Hy's—Hy's Ewig! Hy is nooit geskape nie, Hy sal nooit geskape word nie, want Hy was God aan die begin. Maar Hy wat "die begin van die skepping van God" is, was Jesus Christus toe Hy gemanifesteer is, toe God in Hom gewoon het. Hy is God se *skepping*! O, goeiste! Sien: "Die Eerste en die Laaste; die Amen, die begin van die skepping van God." Toe God vir Homself 'n liggaam geskape het, het Hy afgekom en daarin gewoon, dis die begin van die skepping van God. Sien? O, is Hy nie wonderlik nie?

110 Nou, ons vind eers uit, Hy het Sy Godheid net hier getoon: "Ek is die Almagtige! Ek is Hy wat Was, Wat Is, en Sal Kom. Die Almagtige!" Aan die kerk van Éfese, dit drie keer gesê. Is dit reg?

Regoor na die Laodicése gekom en gesê: "Ek's die Amen. Ek was die Eerste destyds *hier*, Ek's die Laaste *hier* oorkant. En Ek is die begin van die skepping van God. Deur die kerktydperke wat ons sou hê, sal julle leer dat Ek God is, God geskape in menslike vorm. Ek's die begin van die skepping van God!" Amen.

111 Dit sou 'n Presbiteriaan laat skree. Dink net daaraan! "Begin van die skepping van God." Nou, ek. . . O, hoe ek daarvan hou: "die skepping van God," toe God geskape is, toe God vlees geword het in Jesus Christus en onder ons gewoon het.

112 Nou—nou, die volgende vers sou (aan die ander kerke) komplimenterend wees, maar Hy het nie hierdie kerk gekomplimenteer nie. Hy het 'n klagte daarteen gehad, nie 'n kompliment nie. Hy het dit nie vir enigiets gekomplimenteer, hierdie Laodicése tydperk, nie. Met al die Lig wat hulle gehad het, en teruggeval het van Daar af, het hulle nie enige komplimente verdien nie. Uh-huh. Hulle het 'n teregwysing nodig gehad, en hulle het dit gekry! Hy het 'n klagte vir hierdie kerk gehad, nie 'n kompliment nie.

113 Nou wil ek die 15de en 16de verse hier nou lees:

> *Ek ken jou werke. . .jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm!* (Met ander woorde: "Moet—moet net nie louwarm wees nie.")
>
> *Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit My mond spuug.* (Hmm!)

114 Geleer. . .Is daardie 'n kompliment? Dis 'n teregwysing vir hierdie goddelose Laodicése tydperk, die ergste van die hele klomp. Al die res van hulle onder teisterings en alles wat hulle gehad het; hulle het niks gehad nie, hulle was armlastig, rondgeswerf in skaapvelle en bokvelle, en gebrek gely, en gesaag en doodgebrand, en vir leeus gevoer, en al die res, en steeds die Geloof behou. En hierdie klomp is "ryk en het aan niks gebrek nie," en alles, en 'n prostituut! Dis reg.

115 Nou, ons het 'n baie groot les, waarin ek hoop die Here ons sal help. Hy—Hy het gesê: "Omdat jy nie warm of koud is nie, louwarm."

116 Soos melk, sien. 'n Goeie koue melk is goed. Is dit nie? Warm melk is goed vir jou. Maar louwarm melk sal jou laat opgooi.

117 Onthou een aand wat ek siek geraak het, onder op die rivier, omtrent vyf-en-twintig jaar gelede. Ek was in 'n krotbootjie, daar onder gewoon. Ek het siek geraak, en hulle het gekom, my swaer het my na Dr. Isler toe geneem. Gesê: "Wat makeer?"

Ek het gesê: "Ek's so siek op my maag!"

118 Gesê: "Drink 'n glas warm melk." O, broer! Louwarm melk, dit het my siek gemaak, so ek het dit net alles uitgebring wat binne was.

119 Nou, God het gesê: "Ek wil liewer hê jy moet warm wees, net vuurwarm, of vriesend, wees een of die ander. Moenie louwarm word nie, want jy maak My siek."

120 Dis wat hierdie kerktydperk vir God maak, maak Hom siek! Sien? "Wees óf. . . Moenie. . . Ò-. . . moenie vuur-. . . Wees óf vuurwarm óf. . . Moenie louwarm wees nie! Warm of vuurwarm; want jy laat My opbring."

121 Die koudheid van die Anglikaanse kerk in die dae van John Wesley, het hom na dienste elders gedryf, want dit was koud, koel.

122 Die koudheid van die Metodiste kerk het veroorsaak dat William Booth 'n rooi-warm verlosingsprediker geword het. Julle sien, God het gesê: "As jy nie kom en bekeer nie, sal Ek jou kandelaar verwyder. Ek sal dit wegneem, dit vir iemand anders gee." So, toe die Metodiste kerk nie John Wesley se heiligmaking wou ontvang nie, het William Booth reguit opgekom met die Heilsleër en haar reguit verder geneem. Dis reg. Hoekom? Hulle het dit georganiseer! Dis presies. 'n Organisasie daaruit gemaak, en God het gesê: "Ek haat die ding!"

123 So die. . . William Booth het net gekom en dit opgetel, en die Heilsleër, wat het hy toe gedoen? Dieselfde ding, omgedraai en dit weer georganiseer. Na hom het die Campbelliete gekom, en hulle het 'n rukkie bestaan; en toe John Smith met die Baptiste; en toe, daarna, het die Nasaréners gekom; en toe, na die Nasaréners het Pinkster gekom.

124 Nasaréners, wat het hulle gedoen? Hulle s'n dieselfde gemaak, dit gedenomineer.

125 Wat het in daardie tyd gekom? Twee klein takkies, Kerk van God ensovoorts, het daaruit gegroei. Wat het hulle gedoen? Georganiseer; hulle net laat gaan.

126 Toe kom die Pinksters met die spadereën seëning, wat het hulle gedoen? Georganiseer, so Hy het hulle net laat gaan. Dis reg.

127 Nou gaan ons hier afkom aan die einde, julle gaan iets baie sterk kry binne 'n paar oomblikke. Goed.

128 Goed, Hy wil jou rooi-warm of—of vriesend hê, een of die ander. Moenie louwarm wees nie! Moet net nie iets voorgee wat jy nie het nie, wees óf aan die brand vir God, óf gaan terug in die—in die—in die organisasie in. Moenie—moenie louwarm wees nie!

129 Dis dieselfde ding nou! Dis dieselfde ding wat plaasvind in die. . . hierdie kerke hier. Hy wil jou óf warm óf koud hê. Hy wil geen "louwarm" hê nie. Dis wat Pinkster geword het, 'n louwarm toestand. Hulle gaan op die klavier nou en dan, en 'n paar dromme, en slaan 'n bietjie rond; en kry genoeg musiek, iemand opstaan en soort van. . . julle weet, soort van sê: "Prys die Here! Halleluja!" Uh-huh. En die musiek raak sagter: "UH, Uh,

uh, *uh*," dis reg. O, goeiste, maak net vir God siek op Sy maag! Sien? Uh-huh. Goed.

130 Daar's dan nie veel wat aangaan, soos 'n—soos 'n rooiwarm herlewing wat in hulle aangaan nie, maar hulle het baie meganiese masjienerie gehad in hierdie kerk, julle sien, want hulle was ryk en, o, goeiste, hulle het vergader en groot byeenkomste gehou en alles. Hulle het 'n lekker tyd in hierdie kerk gehad, dis alles waar, maar dis alles meganiese masjienerie. Maar daar's geen warmte van die Heilige Gees nie. Sien?

131 Kyk hier wat Hy hierin gesê het, sien:

> *Ek ken jou werke,. . .dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm*!
>
> En *omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit My mond spuug.* (Sien?)

132 Nou, Hy het gesê: "Ek sou wou hê dat jy koud of warm was. En omdat jy nie is nie, moet Ek—Ek net ontslae raak van jou, dis al, jou net uit My mond uitvee."

133 Nou, hulle het baie geld gehad, hulle het groot geboue gehad, hulle het groot goed gehad wat aangaan, maar hulle het geen warmte van die Heilige Gees gehad nie. O, hulle het 'n masji- . . .'n—'n regime gehad. O, goeiste! Hulle het 'n Verenigde kerk byeengebring. Man, hulle het die grootste geboue wat hulle ooit gehad het, en die dinge wat aangaan, maar geen Heilige Gees nie. Sien? Dis wat God gestuur het vir die Kerk, die Heilige Gees.

Nou, soos ons voortgaan in hierdie 16de vers.

134 Hulle het allerhande kommitees. "O, ons het 'n groot regime daarvan. Die oudames-hulpvereniging, en die—die jongmans-pinochlespel, en—en die bunkospel op Vrydagaand, en die—die basketbalwedstryd op Sondagmiddag, en, o, die bofbalwedstryd op *so-en-so*. En, o, ons het net die—die mans-gespreks-vereniging. En, o, ons het allerhande soort dinge."

135 Ek sê jou, sy's belaai, verenigings, en klubs, en slanery, en wat nog als, maar geen warmte van die Heilige Gees nie. Sien, julle het 'n groot regime, maar julle het niks daar om warm te maak nie. Julle word warm vir die wêreld, maar nie vir God nie, dis waarom julle louwarm is.

136 O, julle het meer lidmate as wat julle ooit gehad het. "Sekerlik, man! Wel, ons kry nog 'n miljoen in '44," het die Baptiste gesê. Maar—maar wat het julle gekry? 'n Groot masjien!

137 Reg in dieselfde kerk waar ek die opmerking gehoor het, moes hulle vyftien minute uitlaat, om die pastoor kans te gee om uit te gaan, en al die diakens en hulle almal, om te rook, en weer in te kom. Sien? Daar het julle dit. Die Bybel veroordeel daardie goed direk! "As jy hierdie liggaam skend . . . "

138 Die dokters skryf dit af en sê: “Dis vol kanker.” Dan gaan hulle op die radio en sê: “’n Filter vir ’n man wat dink.”

139 Soos Billy Graham gesê het: “Hy’s ’n dwaas om so te dink om mee te begin.”

140 “Filter vir ’n man wat dink,” *’n man wat dink* sal glad nie rook nie, dis reg, jy neem die twee gedagte. Maar hy vertel die vroue dit maak hulle baie maer, julle weet, sodat hulle party van hierdie nuwe tipe rokke kan dra wat hulle het. Man, dit verkoop dit! Meer vroue rook nou sigarette as mans, en ’n vrou sal drie teen een sigarette rook, teenoor ’n man. Dis presies reg, want sy wil maer word. Sy besef nie dis TB en kanker en goed wat haar so maak, net in ’n babavorm, wat in haar inkom, haar opvreet soos daardie, haar doodmaak nie. Niks anders as kwaad kan daaruit kom nie! Dis reg. Sien? Maar dis: “Dit—dis ’n filter vir ’n man wat dink.” Hah! O, goeiste!

141 “Nee! Nee! O,” sê hulle: “maar ons het . . . Broer Branham, ek verwerp dit! Ons het groot byeenkomste! Kyk wat Billy Graham oor die land gehad het.” O, sekerlik, ’n groot regime, gehuurde evangeliste, betaalde sangleiers.

142 Ja, hulle huur hulle evangeliste. “Wel, hoeveel sal jy my gee as ek ’n herlewing kom hou? Wel, as julle nie *soveel* duisend dollars kan gee nie, sal ek glad nie kom nie. Dis reg. En wie gaan julle die sang laat lei? Wel, gaan huur julle vir *So-en-so*, hy’s ’n groot solis. Huur julle hom om . . . Hy sal die helfte van my skare trek, hy sal self.”

143 Betaalde soliste! Betaalde evangeliste! Wel, dit bereik ’n punt waar siele-red ’n besigheid is. Siele-red is nie ’n besigheid van die kerk nie, dis die krag van die Heilige Gees in die kerk. Siele-red is nie ’n . . . jy koop dit nie met geld nie. Nee, meneer! Nee! Al wat dit is, is werke, werke, werke, betaalde evangeliste, betaalde sangleiers, betaalde kore, al die res. God wil dit nie hê nie, dis alles werke! God wil nie werke hê nie, Hy wil die Heilige Gees hê wat in jou werk. Dis reg.

144 17de vers sê:

> *Want jy sê: Ek is ryk . . . het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig is* (O!) . . . *jy weet nie dat dit jy is wat ellendig is . . . beklaenswaardig . . . arm . . . blind en naak is nie*. (Hmm! Hmm!)

145 Hulle het gedink hulle was “ryk,” hierdie Pinkster in hierdie laaste tydperk kerke. Hulle het gedink . . . En uiterlik was hulle. Ja, meneer. Hulle is ryk. Dink net aan die kerk, was altyd ’n paar jaar gelede, buite op die hoek gestaan, uitgewerp van plek-tot-plek, ’n moeilike tyd gehad. Maar nou het hulle van die grootste geboue wat daar is.

146 Julle sien waar die Gemeentes van God hierbuite, wat altyd hulle plek gehad het in 'n gewone houtgebou, iets soos hierdie hier, en nou rig hulle 'n sesmiljoen-dollar-gebou op, en hulle sê: "Jesus kom binnekort." Julle werke bewys dat julle dit nie glo nie. Dis skynheiligheid! Bou miljoendollar-geboue en sulke goed, en sê: "Jesus kom binnekort." En arme sendelinge op die veld, sonder skoene aan hulle voete, ware God-vresende sendelinge, geen skoene aan hulle voete nie, en lewe van twee rantsoene rys per week; eet twee keer 'n week om die Evangelie deur oerwoude te dra en sulke goed, om Dit na hulle broers toe te neem. En ons bou sesmiljoen-dollar-geboue, en die kerk met groot, gebrandskilderde glasvensters, en al die res, en dit daarop sit. O, julle het selfs soveel geld dat hulle partykeer leningsverenigings reg in hulle kerke het. Dis reg!

147 Dokters daarin om hulle evangeliste of hulle sendelinge te ondersoek. En iemand na die veld toe wil gaan, gee hulle hom 'n dokters-ondersoek om te sien of hy . . . of sielkundige, om te sien of hy is . . . o, of hy verstandelik sy IK's reg het, julle sien. Die Heilige Gees ondersoek dit, jy het nie 'n sielkundige nodig nie.

148 "Maar, ryk en aan niks gebrek nie." O, sekerlik. Julle het baie geld. Uiterlik, baie ryk; het groot geboue, gebrandskilderde glasvensters.

149 En welsprekende predikers! O, goeiste. Wel, ek sê jou, hmm, hulle is beslis welsprekend. Hulle kan opstaan en heelnag praat, en niks sê nie. Sien? Wanneer hulle opkom . . . Ek bedoel oor dinge wat hulle nie behoort te sê nie, julle sien. Staan op, en party van hierdie goed, en praat van 'n klein *so-en-so* en hierdie *so-en-so*. En julle weet hoe dit is. Betaalde sangers. Dis reg. Goed. Maar, kom op die preekstoel, welsprekende predikers. As hulle nie aangetrek is in 'n aandpak met 'n omgedraaide kraag, en een of ander soort manelpak aan nie, wel, voel hulle gemeente baie verleë.

150 En daardie sangers kom daar uit, daardie vroue, kortgeknipte hare soos Isébel, genoeg verf op hulle gesigte om 'n skuur te verf. Sodra hulle daardie mantel uittrek, dra hulle kortbroek en mansklere, en die Bybel het gesê: "As 'n vrou klere aantrek wat by 'n man hoort, is dit 'n gruwel in Sy oë." Loop in die straat af met hulle neus opgetrek, as dit sou reën sou dit hulle verdrink. Beterweterige, arrogante, humeurige Isébels! Dis waarom ons in geen herlewing is nie, dis 'n groot stuk masjienerie werk.

151 O, mag 'n stem hê soos 'n aartsengel, en God sal jou daarvoor laat antwoord! Hierdie Elvis Presley's ensovoorts, en Ernie Ford's, of wat hulle hulle ook al hierbuite noem, met hierdie mooi stemme en hulle vir die duiwel gebruik, God het gesê: "Ek sal hulle vereis uit hulle hande."

152 Dis waarom ek blinde Fanny Crosby respekteer; sy het nooit haar gawe uitverkoop aan die wêreld nie. Sy het dit vir God gehou.

153 Baie van hierdie mense is goeie sangers, welsprekende manne, groot manne, ensovoorts, in plaas van om hulle talent vir God te gebruik, het die duiwel hulle verdraai en hulle is daar oorkant besig om vir hom te werk. Persoonlikhede, radio en televisiepersoonlikhede, wat hulleself verkoop, daarbuite vir die wêreld in plaas van om dit vir God te gee. Party van hulle kom kerk toe, gaan kerk toe, trek 'n mooi groot mantel aan, kom daar uit en sing soos daardie, en gaan reguit terug en sing ruk-en-rol die volgende aand. Soos sangers waarvan ons weet, aan sekere kerke behoort, gaan daar uit en maak daardie films, daardie rolprente, gaan daar uit en sing ruk-en-rol. Die konings van ruk-en-rol, en maak aanspraak om godsdienstig te wees! Dis 'n truuk van die duiwel!

154 Een man het genoeg—genoeg gesonde verstand gehad hierbo. Wat gesê het hy gaan 'n prediker wees, en hy sou Sondagoggend opstaan en preek, en dan sou hy afgaan daar op . . . en op die radio-uitsending gaan en ruk-en-rol liedere en alles soos daardie sing, so hy het uiteindelik 'n pistool geneem en sy brein uitgeskiet. Ek respekteer die man dat hy dit gedoen het. Dis reg. Dis reg. Hy—hy het meer gehad . . . Hy het genoeg verstand gehad soos wat daardie varke het, in elk geval, toe hulle die duiwel in hulle gekry het, het hulle na die water toe gehardloop en versmoor. Party mense het nie eens soveel nie.

155 Ek ken julle . . . Ek—ek haat om so hard te wees, maar, broer, suster, jy moet—jy moet die ding inkap hier om dit te laat—dit te laat vassit! Dit is die dag waarin ons lewe. Ek reken as Jesus vir Herodus 'n "ou jakkals" genoem het, en Johannes hulle "'n addergeslag" kon noem, goed.

156 Hulle het groot geboue, gebrandskilderde glasvensters, welsprekende prediker, betaalde sangers. Ja, meneer. Wat het hulle daarin? Wat is daarin? Niks van die Heilige Gees nie. Staan daarbo en gaan uit en dra kortbroek, en kom in en sing in die koor. Jou ellendige skynheilige! Ja, meneer. Dis reg.

157 En jy, prediker, wat na 'n byeenkoms toe sal gaan omdat hulle jou meer geld gee as wat hulle op 'n ander plek gee! Jou vabond, jy's nie werd om op die preekstoel te wees nie. Dis reg. Geld! "As julle nie *soveel* honderd dollars kan bymekaarmaak nie, wel, kan ons nie kom nie. Ons—ons—ons bestuurders en dinge sal verbykom, as julle nie die geld bymekaar kan kry nie, sal ons kom. As jy nie volle samewerking van almal kan kry nie, sal ek nie kom nie. As almal nie ten volle saamwerk (al die kerke) sodat ek baie geld kan hê om my skuld te delg nie, sal ek nie kom nie."

158 Broer, 'n ware man van God sal gaan as die Heilige Gees hom gelei het, ongeag van wat daar in die offerhande was. Al moet hy

kraakbeskuitjies eet en rivierwater drink. Dis reg, hy's 'n ware dienskneg van God.

159 Maar mense verbind hulleself met uitsendings en radio en televisie, en allerhande dinge van die wêreld, totdat hulle daardie soort geld moet hê. Dis presies reg. Sien? Dis nie God nie.

160 Hy het gesê: "O, jy's ryk, het gebrek aan niks nie." Sekerlik, maar die einste ding wat jy nodig het, het jy nie gehad nie. Dis reg. Maar jy het dit nie geweet nie. Sien: "Ryk, het gebrek aan niks nie." Word betaal om die dinge te doen wat hulle doen, kaartspeel. "O," sê jy: "ons het groot gemeentes." O, sekerlik. Ja, meneer. "Grootste gemeente! Wel—wel, jy weet, die burgemeester van die stad kom na ons kerk toe." Um-hum. Dis reg. "Wel, jy weet, *So-en-so*, wanneer hulle na die stad toe kom, kom hulle na ons kerk toe." Um-hum. "Ons het al die hooggeplaastes in ons kerk."

161 Ja, en laat die arm, heilige behoeftiges in julle kerk inkom, en hulle is 'n verleentheid vir julle. Julle wil hulle nie eers daarin hê nie. Julle is bang iemand gaan "Amen!" sê terwyl julle preek.

162 Soos die dametjie wat ek gelees het eenkeer in 'n boekie hierbo, sy het in 'n kerk ingekom. Haar kinders, sy het hulle grootgemaak in 'n outydse kerk agter in die woude iewers waar hulle regtig goddelik was. So die . . . 'n Jong kêrel het eendag ingekom en met die meisie getrou. Gesê hy het aan 'n *buite* kerk behoort, julle weet, een van die groot kerke van dieselfde denominasie buite in die stad. So hy het vir die ma gesê hy's 'n Christen. So hy het met die dogter getrou en haar weggeneem.

163 Wel, uiteindelik het hy haar gespeen gekry van die ou klein plattelandse kerkie agter in die berge, na hierbuite, hierdie yslike groot mooi kerk, dieselfde naam; maar daaragter het hulle die Heilige Gees gehad, hierbuite het hulle niks gehad nie. So toe, toe hulle ingekom het, hierdie yslike groot mooi kerk.

164 So Moeder het gesê, eendag, sy sou afgaan om haar dogter te—te sien. Wel, hulle het gewonder wat in die wêreld hulle met haar sou doen. So, toe sy afgekom het, het sy gelyk soos iets uit 'n oudheidsboek, een van daardie klein, hoë-kraag-rokke, julle weet, en lang moue, en haar hare vasgemaak, so glad soos 'n ui, soos daardie (agtertoe gekam, julle weet). En sy het afgekom, en sy sê: "Wel, Halleluja, skat! Hoe gaan dit met julle almal?" Wel, sy het gesê: "Nou, môre-oggend is Sondag." Gesê: "Julle gaan almal na die diens toe, nie waar nie?"

165 (Die man het gesê: "Wat sal ons met haar doen?" Gesê: "Ons kan haar nie so daarnatoe vat nie!" En gesê: "Wel, ek weet nie wat om te doen nie.") Wel, het hy gesê: "Moeder, ek sê jou, ons . . . "

166 "O," het sy gesê: "maar, skat, ek kan nie uit die kerk wegbly nie. Sekerlik is daar 'n *sekere-sekere* kerk hierrond." "O," sy . . .

hy het gesê . . . Gesê: "Ek het een daar oorkant op die hoek gesien, ek sal net soontoe gaan."

(En hy het gesê: "O, wel, ons sal dit net moet doen.")

167 So, toe hulle ingegaan het, het hulle haar eerste laat ingaan, (Sien?) skaam vir haar. Hier het sy oor die straat gekom met daardie rompie, julle weet, en haar Bybel onder haar arm. Wel, broer, sy mag dalk nie haar naam in die *Wie's Wie* gehad het nie, maar ek reken sy het haar naam op die Lam se Boek van die Lewe gehad. Dit was die hoofsaak.

168 Toe sy in die kerk ingestap het, het sy daaragter gaan sit, haar sitplek ingeneem, julle weet, en die Bybel oopgemaak en sy het begin lees. En almal het begin rondkyk, gedink een of ander outydse het iewers uitgeval. Rondgekyk soos daardie: "O, goeiste!" Met al hulle mooi klere aan, julle weet, die tipiese Laodicése, en hulle mooi rokke ensovoorts. Agtertoe gekyk en hierdie moedertjie daar sien sit, met 'n groot glimlag op haar gesig, julle weet, wat die Bybel lees. Ja.

169 En die pastoor, naderhand, na hulle klaar was met al die ander dinge, het hy uiteindelik, hy het omtrent vyftien minute gehad om te praat. So hy het opgestaan en hy het gesê: "Die Here is goed."

170 Sy het gesê: "Prys God! Dis reg! Halleluja!" En almal het hulle nekke gerek soos 'n gansmannetjie, omgekyk: "Wie was dit?"

171 En toe na 'n rukkie, het hy gesê: "Uhm! Uhm! Uhm!" Hy het gesê: "Christene van elke eeu moet dapper, groot, goeie Christene wees," of so-iets soos daardie.

172 Sy het gesê: "Prys God! Dis reg!" En hulle het almal omgekyk.

173 En hy: "Uhm!" na sy diakenraad gekyk.

174 En die diakenraad het die idee gekry. Gaan agtertoe en neem die vroutjie aan die arm en loop by die deur uit, gesê: "Jy onderbreek die pastoor."

175 Jy's dood en weet dit nie! Ja. O, wat gaan jou gebrandskilderde glasvensters jou baat? Wat's jou mooi sagte banke? En wat's jou groot gemeente? Gaan net reguit hel toe, soos 'n swaeltjie na sy nes. Want as jy nie die Gees van God het nie, is jy verlore! As jy nie wedergebore is nie, kan jy nie die Koninkryk van God sien nie.

176 Dis bitter. Dis soos ek altyd kasterolie gedrink het, ek het gesê: "Mamma, ek kan dit nie eers verduur nie."

177 Sy het gesê: "As dit jou nie siek maak nie, help dit jou glad nie." So ek reken dis omtrent hoe Hierdie ook is.

178 O, as jy met hulle sou praat! O, groot, mooi geboue, ensovoorts. O, hulle—hulle—hulle . . . Jy gaan na hulle kerk toe,

jy sal dalk sê . . . Gaan na hulle kerk toe en sê: "Wel, ek sê jou, is jy Pinkster?"

"O, ja. Uh-huh. Sekerlik, ons is Pinkster."

"Glo julle in wedergebore word?"

"Ja."

"Wel, ek wil julle iets wys . . . "

179 "O, kyk na hierdie gebou! Weet jy hoeveel gebou . . . hierdie gebou gekos het? Dit het 'n driekwart-miljoen dollars gekos om hierdie op te rig. Jy weet, ons het dit nie altyd so gehad nie. Ons—ons was altyd hieronder in die stegie." Uh-hum, en kyk rond, jy sal al hierdie wonderlike dinge uitvind wat hulle het. Ja, meneer. En dan sê hulle: "O, ons—ons het al hierdie groot dinge!" Maar hulle het geen las vir verlore siele nie! Hulle wil jou altyd wys hoeveel gebou hulle het. "Kyk na ons Sondagskoolrekord, hoe groot dit is!" Wat help dit as jy nie die Heilige Gees het nie? "Ryk, verryk, aan niks gebrek nie."

180 Dis wat Hy gesê het: "Jy dink so, maar weet nie dat jy arm, ellendig, beklaenswaardig, blind, nakend is nie. En weet dit nie!" Sien? Dis reg.

181 O, sekerlik, hulle sê: "Weet jy wat? Ons was altyd . . . Die klein kerkie wat ons altyd gebruik het, is aan die agterkant, hierdie is nou die grote!" En ek sê julle, geen las vir siele nie, maar hulle moet toesien dat daar na al hierdie goed omgesien word. Die dameshulp, en al hierdie ander dinge, alles moet voor gesorg word, maar geen las vir verlore siele nie. O, man, waarin—waarin hierdie kerk betrokke geraak het!

182 Hulle was nie belas vir siele nie, maar hulle is belas met rykdom. Dis reg. Hulle het die verkeerde las gehad. Hulle het 'n las vir hulle rykdom gehad, maar nie 'n las vir verlore siele nie. Die Skrif het gesê: "Hulle het nie geweet dat hulle ellendig was nie," (O!) "beklaenswaardig, blind."

183 Hulle dink hulle kan geld neem en die wêreld bekeer. "O, as ons net 'n program aan die gang kon kry, dat ons net 'n klomp geld hier kan kry, glo ek, sou ons die wêreld kon bekeer. As party van die ryk mense in ons kerk, Broer Branham, as ons hulle net kon kry om uit te haal, en ek glo ons kon 'n vereniging stig wat sou—wat sou rondgaan en—en die wêreld bekeer. Ons kon vliegtuie neem en literatuur regoor Afrika afgooi, en sulke dinge. As ons net 'n bietjie geld gehad het!"

184 Broer, die wêreld sal nie deur geld bekeer word nie. Die wêreld sal bekeer word deur die Heilige Gees; kragdadige verkondiging van die Heilige Gees en die Kruis sal die enigste ding wees wat die wêreld sal bekeer. God se program is nie geld nie. Dis die Heilige Gees, dis wat God se program is vir die Laodicése Kerktydperk of enige ander kerktydperk. Ja, meneer.

185 Hulle wil die Heilige Gees hê. O, sê hulle: "Ons is. . .het goud." Dit was goud, inderdaad, maar nie die regte soort nie. Hulle het baie goud gehad, maar nie die regte soort nie. Nou, so hulle is deur Jesus beveel: "Ek weet julle is ryk, en het goud, en het aan niks gebrek nie," maar:

> *Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur die vuur gelouter is, . . .*

186 'n Ander soort goud, ja, 'n goud wat in die vuuroond gelouter is, wat deur die vuur van die dood gegaan het, wat deur Gólgota gegaan het, uitgekom het.

187 Baie van hierdie goud wat jy nou het, is besoedel, dit sal verroes, dit sal roes. As julle hierdie kan afmerk, Jakobus. . . Jakobus 5:1 tot 4, en julle sal kry wat dit is, gesê: "Kom nou, julle rykes, nou by die koms van die Here, ween en huil oor julle ellendes wat oor julle kom, julle goud is verroes in julle." Sien, dis die soort goud wat verroes.

188 Maar die goud wat Jesus gee, is die Heilige Gees, die goue Olie van die Gees, wat in jou hart instort. En—en, o, goeiste: "Raai jou aan, kom koop goud by My, as jy wil ryk word." O, ja.

189 Ook, hulle was "blind." Nou, dis 'n slegte toestand om in te wees. Ek dink nie hierdie Christene was so blind as wat hulle "bysiende" was nie. Ek glo hulle was bysiende. Die enigste dinge waarna hulle kon kyk, was hulle groot geboue. Die enigste ding waarna hulle kon kyk, was hulle groot gemeente. Enigste ding wat hulle na gekyk het, was 'n welgeklede koor met al hulle groot mantels en dinge. Ek dink hulle was net bysiende, hulle kon skaars verby hulle neus kyk. Ek dink nie hulle was blind nie, net bysiende. Al wat hulle kon sien was hulle. . . "Wel, weet jy wat? Ons behoort aan die *So-en-so*!" Hulle groot denominasies, hulle groot skares, baie lidmate, hulle Sondagskool, hulle goeie geboue.

190 "Maar hulle het die Heilige Gees nodig gehad," het Jesus gesê. Hulle het die Heilige Gees nodig gehad! So die Here het vir hulle gesê: "Oog. . .As julle is. . .oë is so swak, en julle is so bysiende, dat julle niks kan sien behalwe julle groot gebou hier en julle mooi groot gemeente, en julle. . .die burgemeester van die stad en almal wat na julle kerk toe kom, en julle die hooggeplaastes het, nie. En julle het My vergeet. Maar as julle so blind is, en julle oë is so seer, sal Ek vir julle 'n bietjie oogsalf verkoop." Ja.

191 Sien, dis snaaks, daardie doktors van godsgeleerdheid het niks daarvan gehad nie, is dit nie? Hulle het baie parfuum gehad, het baie teologie gehad. Maar hulle het oogsalf nodig gehad, God se Heilige Gees, om hulle oë te masseer en hulle te laat kyk vir die koms van die Here, hulle te laat kyk na die Bybel, hulle te laat kyk na die Woord. Hulle weet om "ah-man" net presies reg te sê. Hulle het die parfuum gehad, hulle het al die salwe gehad. Maar:

"Hulle het oogsalf nodig gehad," het die Here gesê. Gesê: "Julle het 'n bietjie salf nodig om aan julle oë aangewend te word, en dit sal hulle oopmaak."

192 Was altyd, toe ek 'n klein seuntjie was . . . Ek het julle hierdie vertel, glo ek, ek mag dit by die kerk gesê het. Dit kom nou op in my gedagte. Ek is grootgemaak in die berge van Kentucky, deels, en ons het in 'n ou waterslagplank-huis gewoon. Ma, hier . . . En ons het 'n—het 'n ou klein plekkie teen die trap op gehad, en ons het 'n matras van—van strooi gehad. En dan bo-op daardie matras van strooi was 'n veer-oortreksel. Ek weet nie of julle weet wat 'n veer-oortreksel is of nie, of 'n strooibed nie; 'n ou bed, ons was te arm. Pa en ma het die bed onder gehad. En so het ons teen die leer opgeklim en bo ingekom, en ma sou, party—party—partykeer, 'n stuk seil oor die oortreksels en dinge sit, om te keer . . . Julle weet, jy staan . . . lê daar en tel die sterre tussen daardie ou waterslagplanke wat opgesit is met die lig van die maan, julle weet, en daar's groot gate in die dak soos daardie.

193 En so, wanneer dit sou sneeu of iets, of dit sou reën, sou ons kleintjies onder hierdie—hierdie stuk seil inkruip, julle weet, daardie te keer . . . keer dat ons nat word. En partykeer die trek deur daardie gate, sou ons—ons—ons koue vat en ons oë word atterig. Julle weet, heeltemal verstop raak met koue, koue in ons oë. En so sou ma ons roep in die oggend: "Kom af ondertoe." Ek sou sê: "Ek kan nie kom nie, mamma, want my oë is atterig." Ek het—ek het goed daarin, julle weet, koue in die oog. Kon hulle nie oopkry nie, julle weet. 'n Kleintjie wat daar gelê het, en ek en Humpy en hulle wat daar gelê het en probeer het om ons oë oop te maak en ons kon dit nie doen nie, blind.

194 My oupa was 'n strikspanner, hy het bere, wasbere gevang. En dit was 'n algemene medisyne by ons huis, was wasbeervet. Ons het die skoene vetgesmeer met wasbeervet. En as jy die kroep gehad het, het hulle 'n bietjie terpentyn daarop gesit, ja, jy moes dit insluk, so, vir die kroep.

195 En dan, wanneer ons oë gedra het, sou ma hierdie goed vat . . . "Goed, net 'n oomblik, skat." Sy sou uithardloop in die kombuis en hierdie groot ou koppie wasbeervet kry en dit daarop sit, en dit baie warm maak. En dan kom sy boontoe en masseer ons oë, sien, totdat dit die werk gedoen het. En naderhand het dit so geraak dat ek kon sien, my oë oopmaak. Kry . . . Die wasbeervet het dit oopgemaak.

196 En ek sê vir julle, ons het 'n verskriklike trek gehad! Sien? Daar het 'n verskriklike koudheid oor die land getrek. Die Baptiste het gesê: "Die dae van wonderwerke is verby. Daar is glad nie so-iets soos die Heilige Gees nie, en geen praat in tale nie. Daar's geen doop in die Naam van die Here Jesus nie." En, o, allerhande trekke, en dit het baie oë toegemaak met een of ander soort geestelike koudheid. Dit sal meer as wasbeervet vat, om

daardie oë oop te maak, broer. Dit sal ’n vars doop van die Heilige Gees vat. . .?. . .om julle oë te masseer dat julle kan sien, die bysiendheid van julle wegneem, sodat julle kan sien die Woord van God is waar. Dis reg. O: “Ek raai jou aan om ’n bietjie oogsalf by My te kom kry, soort wat jou oë salf.” So jy. . .So. . .

197 Die doktors van teologie het hulle. . .al die teologie, en hulle parfuums en dinge, maar dit het meer as dit geverg. Dit verg die Heilige Gees om die geestelike visioen te gee om Hemelse magte te sien werk. Die Heilige Gees, die salf van die Heilige Gees! ’n Salf is ’n warm olie, ons weet dit, en dan is die Heilige Gees die Olie van God.

198 En al die teologieë en die parfuum: “O, kosbare broer, daar’s nie fout met jou nie. Daar’s niks verkeerd met. . .Alles is reg. Wel, ons het die grootste kerk wat daar in die stad is.” Daardie parfuum sal nie werk nie! Nee, meneer! Dit sal jou reg *hier*langs laat sien (bysiende) en sê: “Ja, ons het die grootste kerk.” Maar wat van die Oordeel wat kom, wanneer God jou sal laat antwoord, julle Laodicése kerklidmate?

199 Ek praat nie soveel hier nie, maar ek’s op bandopname en gaan oor die wêreld, julle sien, so praat met omtrent ’n paar miljoen mense op hierdie tydstip, julle sien.

200 So dis dan dit. Laodicése! Louwarm! Teruggevalle! Bysiende! Ek weet nie wat alles nie. Muile! ’n Muil is ’n baster, hy het geen fut om mee te begin nie. En jy praat met hom, steek hy daardie groot ore op, gaan: “Haw! Haw! Haw! Haw!” Daar’s geen sagmoedigheid aan hom nie. Hy’s ’n baster, hy’s tussen ’n perd en ’n donkie. Dis wat nou die probleem is, jy sit Nikolaïete en Laodicése bymekaar, en jy het weer ’n donkie. Wat ons nodig het. . .Dis reg. Hulle weet nie. Jy vertel hulle van Goddelike genesing, doop in Jesus’ Naam. Sê: “Haw! Haw! My pastoor nie. . .Haw! Haw! Ons glo dit nie as Presbiteriane nie.” Ignoramusse! Dis omtrent wat jy dit sal noem. . .?. . .

201 Ek haat ’n muil. Maar ek sê jou, ek hou van ’n goeie, saggeaarde opgereggteelde perd, man, jy kan hom iets leer. Jy kan hom leer om te buig, en in die sirkus te gaan, en amper doen wat ’n mens kan, want hy’s. . .hy weet iets. Hy het ’n stamboom. ’n Muil weet nie wie sy pappa was of wie sy mamma was nie, en kan nie homself voortplant nie. Dis hoe dit is met sommige van hierdie ou, koue, formele denominasies, hulle kan nooit weer opstaan nie. Sodra die kerk in ’n denominasie ingaan, is dit dood! Dit staan nooit weer op nie. Wat is dit? Dis verbaster!

202 Martin Luther was goed, maar toe hy georganiseer het, wat het hy gedoen? Metodis was goed, toe hy georganiseer het, wat het hy gedoen? Pinkster was goed, maar toe julle dit georganiseer het, wat het julle gedoen? Julle het dit verbaster, julle het dit geteel na ’n Nikolaïetiese Katolieke kerk. Presies wat julle gedoen het! Haar vorm van doop geneem, haar maniere en aksies

geneem, en die Bybel het gesê: "Julle is 'n dogter van 'n hoer, 'n ontugtige. 'n Dogter van ontugtiges!" Presies reg!

203 'n Goeie, opreggeteelde perd, ag, hy's sagmoedig. O, hy's goed, ek hou van hom. Sit sy kop op jou skouers, liefdevol, sagmoedig. Hoekom? Hy weet wie sy pappa is, hy weet wie sy oupa is, hy weet wie sy oupa se pappa was. Hy kan reguit teruggaan, hy's opreggeteeld.

204 En ek hou daarvan om 'n ware, opreggeteelde Christen te sien! Wat nie sy brief dra: hy was 'n Metodis verlede week, en 'n Baptis hierdie week, en 'n Pinkster hierdie week, en 'n Pelgrim Heiligheid volgende week nie. Hy weet nie wie sy pappa is of wie sy mamma is nie. Maar laat ek vir julle sê, 'n man wat gebore is uit die Gees van God, kan jou reguit terugvat na die Pinksterdag toe; kan jou sê hy's opreggeteelde, pinkster! Amen! Ek wil pinkster wees van die bopunt van my kop tot by die sole van my voete. Ek bedoel nie denominasionele Pinkster nie. Ek bedoel die ware krag van die herrese Christus, die ware Pinksterseëning.

205 Oogsalf, jou oë oopmaak sodat jy ver terug kan kyk en sien waar dit vandaan gekom het. Jy sien net wat die kerk vandag is; kyk terug en sien waar dit vandaan gekom het, hou dan aan beweeg na God, jy sal wegkom daarvan. Ja, meneer.

206 Goed, ek het nog iets opgelet, gesê: "Hulle is nakend; nakend en weet dit nie." Sekerlik.

207 O, nakend en weet dit nie. Nou, daardie persoon is in 'n vreeslike situasie, as 'n mens ellendig, blind, beklaenswaardig, nakend is. Nou, as hy—as hy dit weet, sal hy homself help; maar as hy dit nie weet nie, is die arme kêrel van sy verstand af. Is dit reg? Sjoe! Dit was soort van sterk. Van sy verstand af, hy weet nie genoeg om homself te help nie.

208 Jy iemand in die straat sien afkom, arm, ellendig, blind, beklaenswaardig, en nakend, en jy sê: "Broer jy's nakend." "O, is ek? O, O, broer, help my iewers in, help my om geklee te word."

209 Maar jy loop op na hulle en sê: "Sê, het julle die Heilige Gees ontvang nadat julle geglo het?"

210 "Wat is jy, 'n holy-roller? Wel, sê, wat bedoel jy? Jy praat nie so met my nie, ek's Presbiteriaans, ek's Baptis, ek's van *so-en-so* en *so-en-so*."

211 Nakend en weet dit nie! Nou, ek het dit nooit gesê nie, die Bybel het dit gesê van hierdie tydperk: "Nakend en weet dit nie. Kom koop klere by My," het Hy gesê.

*. . . wit klere . . .*

Wit klere behoort aan die Heiliges; dis die geregtigheid van die Heiliges. Sien? . . .

212 Nakend? O, sekerlik! Ja, meneer! O, sê jy: "Broer Branham, nie ons kerk nie, dis die bes-geklede kerk in die stad!" Ek sou dit nie betwyfel nie; party van die jongste modes, die beste materiaalsnitte, die jongste Hollywoodsterre se drag, so wulps, jy sal die aandag van elke man in die straat trek. Uh-hum. Sekerlik.

213 Een dame het vir my gesê, gesê: "Broer Branham, wil jy vir my sê? Nou, ons koop die rokke in die winkel en dis al wat jy kan koop."

214 Ek het gesê: "Hulle verkoop steeds materiaal en maak naaimasjiene. Dis nie verskonings daarvoor maak nie."

215 Die Bybel het gesê: "Wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer, het owerspel met haar gepleeg." Is dit reg? Wel, dan, as die vrou haarself wulps aantrek en haarself voor die man plaas, wie is te blameer daarvoor? Die vrou is, sy het dit voortgebring. Dis presies reg.

216 Nou, jy mag so suiwer soos 'n lelie wees teenoor jou man. Jy mag 'n jong meisie wees wat nog nooit enigiets verkeerd gedoen het in jou lewe nie, 'n maagd wees wanneer jy met jou man trou. Maar as jy so aantrek en veroorsaak dat mans so na jou kyk, het hy alreeds owerspel met *jou* gepleeg in sy hart. Daardie sondaar het na jou gekyk. As 'n Christen mag jy die beste snit klere aanhê in die stad, die beste wol, maar dit is nie betaamlik vir 'n Heilige van God om so aan te trek nie.

217 [Leë kol op band—Red.] O, ja, moenie na 'n kind van God toe kom nie.

218 "O, nee," sê hulle. Wel, sê hulle: "Ons kerk. . ." Julle is welgeklee? Hulle het gesê hulle was. Hulle was "ryk, aan niks gebrek gehad nie." Sekerlik. Wel, het hulle gesê: "Selfs ons pastoor stap uit met 'n yslike groot toga aan. Die hele koor stap uit met 'n yslike groot mantel aan." Die duiwel opgerol daaronder. Uh-hum. Uh-hum, dis reg. O! Hmm, hmm! Wel, ek beter ook nie daardie ander een sê nie. So, ek mag daardie een laat vaar. Goed.

219 O, al hierdie groot dinge! Gemantelde kore, betaalde kore, moet hulle betaal om te sing. Hmm. Moet die prediker soveel gee of hy sal 'n ander ondersteuner kry om hom 'n bietjie beter te betaal. Hy sal die trusteeraad byeen roep en sê: "Nou, broers, ek—ek. . .julle was baie goed vir my hier, julle gee my *soveel* honderd 'n week," of so-iets soos daardie. "Maar die ander Presbiteriaanse Kerk van. . ." (Noem dit "Pinkster" of wat dit ook al is.) "hier oorkant, hulle het—hulle het vir my 'n belofte gemaak dat hulle my *soveel* meer sal gee." O, goeiste!

220 Wat het 'n arme heilige dan? Watter kans het hulle? Wat het 'n arme klein kerkie, gevul met die Heilige Gees, watter soort kans het hulle? Hulle kan niks soos daardie bekostig nie. So die Here rig dan net iets vir julle op, amen, wat uitgesoek is deur Homself, vul dit met die Heilige Gees en plaas hom as die

algemene opsiener daaroor. Stuur af. . . Hy het gesê: "Ek raai jou aan om wit klere te kom koop by hom." Die Bybel het gesê: "Die wit klere is die geregtig-. . . van die heiliges."

221 Nou, ek glo ons. . . Laat ons kom by omtrent die—omtrent die 19de vers nou. Ek glo dis omtrent die 20ste vers waarby ons is, die beste wat ek kan sien. Ja, ja, en sluit af hiermee. Nou, wees nou baie stil en luister nou terwyl ons dit doen. Luister:

> *Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan. . . en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.*
>
> *Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit* op *My troon, soos Ek ook oorwin en saam met My Vader in Sy troon gaan sit het.*
>
> *Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.*

222 Hierdie is een van die mees uitstaande stellings wat ek ooit in die Nuwe Testament gesien het. Ek wil hê julle moet oplet: "Ek staan by die deur en klop." Dit word gewoonlik gebruik, 'n aanhaling vir die oproep vir sondaars. Is dit reg? Ons vertel sondaars: "Jesus is by die deur, aan die klop." Maar hier klop Hy aan die *kerk*deur, want Hy het eens met hulle gewandel, maar hulle (met hulle organisasie en wêreldsheid en koudheid) het Hom uitgesluit. Hy's aan die buitekant van die kerk.

223 Nou, onthou, in die eerste van die kerktydperke, soos ons afsluit, het Hy gewandel tussen die sewe goue kandelaars (Is dit reg?), die sewe kerktydperke. En aan die einde hier, vind ons Hom buitekant watter kerk? Die Laodicése, die Laodicése kerk. Buitekant, hulle het uitgesl-. . . Hom uitgesluit. Wel, Hy het aan die buitekant gestaan en probeer om weer in te kom. Wat 'n jammerlike prentjie! Die Verlosser van die wêreld, wat buitekant die kerk staan, wat Hy gekoop het met Sy Eie Bloed. Skaam hulle!

224 "Ek staan by die deur en klop." Na eers verstoot en verwerp is, dan probeer om weer in te kom, kruip terug en klop aan die deur. Hierdie is die treffendste stelling in die Nuwe Testament. Ek dink nie daar's enigiets wat meer hartseer as hierdie kan wees, om die Verlosser van die wêreld te sien wat uit Sy Eie kerk geneem is, die Laodicése tydperk nie. Nadat Hy hulle alreeds vertel het wat hulle gedoen het, hulle rykdomme en alles, en wat hulle was, en hoedat hulle louwarm ensovoorts was, en hulle—hulle het. . . hulle. . . Hy hoef hulle nie uit te gespuug het nie, hulle het *Hom* uitgespuug. En hier was dit alles, steeds aan die deur geklop, om weer te probeer inkom. Waarvoor? Om hulle Ewige Lewe te gee. Die einstes wat Hom doodgemaak het by Gólgota, Hy het hulle siel probeer red. Dis die mees patetiese prentjie wat ek al ooit in my lewe gesien het, al ooit aan gedink het.

225 Uitgesluit! Waaruit is Hy uitgesluit? Nou, luister, vriende. Of hierdie nie treffend is nie! Kry 'n prentjie daarvan, laat dit in jou hart insink. Ons Verlosser, toe Hy op die aarde was, was Hy uitgesluit uit Sy Eie volk. Hy is verwerp, Hy was uitgesluit. Die wêreld het Hom uitgesluit en Hom gekruisig. En nou, uit Sy Eie kerk, is Hy uitgesluit. Hy is nie enige plek welkom nie, het geen nut vir Hom nie. Hulle het 'n denominasie, hulle het Hom nie nodig nie. Hulle het 'n pous, waarvoor het hulle Hom nog nodig? Hulle het 'n aartsbiskop, 'n algemene opsiener, hulle het geen nut meer vir die Heilige Gees nie. Hulle het Dit nie meer nodig nie. Christus, die Heilige Gees, hulle het Hom nie nodig nie. So, hulle is . . .

226 Ek dink nie hulle het net gegaan en Hom uitgegooi nie, want hulle het Hom nie gemis nie. Hulle het Hom nie gemis nie, want hulle het steeds liedere vir Hom gesing. Die prediker het steeds van Hom gepraat, so hulle het Hom nie gemis nie. Maar hulle eie wêreldsheid en hulle organisasie, organisering, te sê: "Die dae van wonderwerke is verby en daar's glad nie so-iets soos *hierdie* en *daardie* nie."

227 Ek vra julle. Elke herlewing wat ooit gekom het (enige, julle geskiedkundiges), nou, hier regdeur, hierdie kerk, elke herlewing wat ooit gekom het, die . . . dit is nog altyd buite 'n organisasie gebring. Enige man wat ooit 'n herlewing begin het, was buitekant die organisasies. En elke keer wat 'n—'n herlewing begin het, het hulle tekens en wonderwerke en praat in tale en genesings, ensovoorts soos daardie gehad, wat plaasgevind het. Sodra daardie stigter gesterf het, dan het hulle dit georganiseer en 'n organisasie daarvan gemaak, en dadelik "gesterf" en God het glad nie meer daarmee gelol nie. Dis presies reg.

228 En hier is Hy by die laaste kerktydperk, wat buite die deur staan, God Almagtig. Dit—dit breek my hart om daaraan te dink. My Here wat buitekant die deur van Sy Eie kerk staan, na eers verstoot is deur wêreldsheid en koudheid en denominasie en onverskilligheid, wat buite die deur staan, en klop, om weer te probeer inkom. Toe ek dit gedink het, 'n rukkie gelede, het ek net oorgeleun oor my tafel en begin huil. Ek het gedink . . .

229 Ek het dikwels gedink, toe Jesus gesit het in daardie ou Fariseër se huis daar, niemand het aandag aan Hom gegee nie, toe Hy vuil voete gehad het nie. Hulle het Hom nie by die deur ontmoet en Sy voete gewas en Hom gesalf, die mis en goed weggeneem waar Hy geloop het nie; Sy kleed wat rondgesleep het, daardie ou stank gebring het van die pad waar perde en goed geloop het, en—en daardie stank aan Hom laat kom het.

230 Hulle het altyd die voete gewas, dit was die gebruik. En 'n voetewas-bediende het by die deur gebly. En wanneer 'n man gekom het, sou hulle sy voete was, en daar opreik en 'n paar sandaaltjies kry wat hom gepas het, dit aantrek. En hulle het sy

kop gesalf en sy . . . en hom goed laat ruik, en die brand van die strale van die son, sy hare gekam. Hy het ingegaan.

231 En die verwelkoming van die gas, nou hier's hoe hulle . . . Staan 'n oomblik hier op, Pat, ek wil vir julle iets wys. Hier's hoe hulle gemaak het, hulle sou dit so verwelkom. Nou, ek glo . . . Nee, soos hier, ek glo dis iets soos hierdie hier, om jou soos *hierdie* te verwelkom, sien, en mekaar te omhels. En hy was welkom.

232 Maar toe Jesus na hierdie fees toe gekom het, net soos wat Hy na die Pinksterfees toe gekom het hier, het iemand Hom gemis. Hulle was so geïnteresseerd in hulle sake, die biskoppe ensovoorts was daar. Jesus is genooi, maar niemand het Sy voete gewas nie. En daar het Hy in die hoek gesit, hulle het skaars geweet Hy was daar, met Sy voete wat gestink het, grond oraloor Hom, stowwerig.

233 En toe was daar 'n arme ou straatvrou onder in die straat wat soontoe gekom het, sy het net 'n bietjie geld in 'n sak gehad. En sy het oorkant toe gekyk en Jesus daar sien sit met vuil voete. Dit het haar hart gebreek. Sy het gesê: "Dis die man wat daardie vrou haar sondes vergewe het. Dis die man wat, ek gehoor het, die genesing gedoen het. Hoekom gee hulle nie aandag aan Hom nie?"

234 Omdat al die biskoppe en almal daar was, het hulle Hom verstoot. Daar Hy . . . Hulle het Hom genooi om te kom.

235 Dis hoe ons maak. Ons nooi Hom om na ons byeenkomste toe te kom, maar dan, wanneer ons kom, is ons skaam vir Hom. "O, ek sal nie opstaan en sê 'Prys die Here' nie. O, nee, daar sit die Jonesse, hulle sou dink ek's 'n holy-roller." Jou skynheilige! Dis reg. "Ek's bang ek sal in tale praat en hulle sal my 'n 'Tale-man' noem." Jy's 'n armsalige ellendeling!

236 Nou, julle onthou, dit gaan in, julle sien. Jy's ellendig, beklaenswaardig, arm, nakend, en blind, en weet dit nie.

237 Jesus wat daar sit met ongewaste voete. En 'n straatprostituut, ek kan haar sien afgaan, kom ons—kom ons praat . . . vat haar vir 'n oomblik. Ek kan haar na die winkel toe sien gaan, en sy sê: "Ek . . . " En die trane begin teen haar wange afloop, en sy het gesê: "Ek—ek kan dit nie doen nie. As—as—as ek hierdie goed soontoe vat, sal Hy weet waar ek hierdie geld gekry het. Hy weet hoe ek dit gekry het, maar dis al wat ek het."

238 Dis al wat Hy wil hê. Dis al wat Hy wil hê. Sien? Hy gee nie om nie. Kom jy net: "Ek bring niks in my arms nie."

239 So, sy het 'n bietjie salf gekry en sy het dit soontoe gebring. En sy het daarbo gekom en sy het gedink: "O, as ek Hom net kan sien!" En toe het sy ingeglip en êrens by die deur gestaan.

240 En, nee, hulle het Hom nie verwelkom nie. So sy het die albaste fles gebreek en dit gesit op haar . . . op Sy voete, en Sy

voete begin was. En sy het begin huil: "O, dit moet Hy wees. Dis die Een waarvan ek altyd in die Bybel gelees het. Ek het geweet Hy sal dit herken." En die eerste ding waarvan jy geweet het . . . Watter pragtige water vir Sy voete, trane van bekering wat val op Sy voete. Sy het geen lap gehad om Sy voete mee af te droog nie, so sy het opgereik en haar hare geneem. Mooi krulle platgedruk, trane wat teen haar gesig afloop soos daardie. Sy het Sy voete gewas, en nou en dan sou sy [Broer Branham maak die geluid van 'n soen—Red.] Sy voete soen, so Sy voete was.

241 Jesus met vuil voete, en niemand wat aandag gee daaraan nie. En vandag dra Hy 'n vuil naam van 'n holy-roller, so-iets soos daardie, en mense het nie die durf om op te staan vir Hom nie.

> Hierdie gewyde kruis sal ek dra,
> Tot die dood my sal verlos,
> Ek sal die weg neem van die Here se paar veragtes,
> Ek het begin met. Jesus, O Heer, U sal my deurneem. (Neem my deur, Here, maak nie saak wat dit kos nie.)

242 Ek het, soos Jakob, 'n kussing, 'n rots. Watter verskil maak dit? Wat Hy vir my gedoen het!

243 En hierdie arme prostituut daar, wat huil, ween. En die eerste ding waarvan jy weet, hier het die Simon gestaan, die groot kêrel wat Hom laat kom het, gesê: "Uhm, uhm, uhm, uhm! Dit wys of Hy 'n profeet is of nie, hy sou geweet het watter vrou dit was." Daardie skynheilige!

244 So nadat sy klaar was . . . En Jesus het nooit Sy voete beweeg nie, Hy het net gesit en na haar gekyk en haar dopgehou. O, ek hou daarvan. Dis nie die groot dinge wat ons doen nie, dis die klein dingetjies wat ons ongedaan laat partykeer. Hy het haar dopgehou, haar net dopgehou wat daar sit. Niemand het enige aandag aan Hom gegee nie; uiteindelik, sy daarbinne wat gehuil en Sy voete gewas het, soort van aandag daaraan gegee, het die mense se aandag getrek. En Hy het haar net dopgehou, nooit 'n woord gesê nie.

245 Ou Simon wat daaragter gestaan het, gesê: "Uhm! Julle sien of Hy 'n profeet is of nie, sien julle nie? Julle gesê! Julle gesê! As Hy 'n profeet was, sou Hy geweet het wie daardie vrou was. Julle sien, ons was die groot kerk hier, julle sien, ons weet, so. Ons weet Hy's nie 'n profeet nie, Hy sou dit geweet het."

246 Na hy . . . Na sy klaar was, daardie trane van bekering wat teen haar gesig afloop, het Jesus se voete gewas. Hy . . . Ek glo Hy het 'n bietjie verfris gevoel.

247 O God, ek sou graag daar wou gewees het! Ek sou hulle weer gewas het. Ja, meneer.

248 Man, sou ’n vrou nie ’n moeilike tyd gehad het vandag om die voete vandag met haar hare af te droog nie? Sy sou op haar kop moes staan om dit te doen, om genoeg hare te kry om dit af te droog. Ja, meneer, dit alles afgesny.

249 Maar daar, Jesus se voete, niemand wat gegee . . . (krities), beskaamd gesit het, daardie stank aan Sy voete. Sy het Hom gewas. Na Hy klaar—na Hy klaar was, het Hy afgekyk na haar asof om te sê: “Goed.”

250 Oorkant toe gekyk, gesê: “Simon, Ek het iets om vir jou te sê. Jy het My hiernatoe genooi, en jy het My nooit by die deur ontmoet nie. Jy het My nooit enige water gegee om My voete mee te was nie. Jy het nooit My hoof gesalf toe Ek ingekom het nie, die brand van die son van My af te haal nie. Jy het My nooit enige kus van verwelkoming gegee toe Ek ingekom het nie. Maar hierdie arme vrou,” (O, goeiste.) “hierdie buitestaander, ’n prostituut op die straat, sy het geen water gehad om My voete te was nie en sy het hulle gewas met haar trane. Sy het niks gehad om hulle mee af te droog nie, so toe het sy haar hare gevat, sy het hulle afgedroog. Sy het My voete die heeltyd gesoen. Nou wil Ek vir jou sê: haar sonde, wat baie was, is haar vergewe.” Dis reg, het nooit enigiets van syne gesê nie. “Jou sondes, wat baie is, is vergewe.”

251 En vandag wanneer Jesus, wat buite die deur staan van die Pinkster organisasies, Baptiste organisasies, Metodiste organisasies, om weer te probeer terugkom met pinkster, en mense gaan by Hom verby. Na julle . . . julle wêreldsheid en dinge Hom uit die kerk verstoot het, staan Hy, om te probeer, aan die huil om weer in te kom. En, o, dis die mees patetiese ding wat ek nog ooit in my lewe gesien het. Het geen nut vir Hom gehad nie! Hy, buitekant, aan die klop, om te probeer inkom. Dis dieselfde ding wat Hy probeer doen. Hoekom? Hoekom? Hy was buitekant.

252 Hulle het Hom nooit uitgegooi nie. Hulle het steeds van Hom gesing, oor Hom gepreek, maar het Hom nooit gemis in hulle teenwoordigheid nie. Dis reg. Hulle het reguit voortgegaan. Hoekom? Hulle was bysiende. Hulle het na hulle groot gebou gekyk. Hulle was ryk. Hulle het gekyk na die groot organisasie waaraan hulle behoort het, dit probeer opbou, meer lidmate gekry om in te kom, en hulle het Hom nie gemis nie. Nee, nee. Hulle het nie praat in tale gemis nie. Hulle het nie die groot, magtige boodskappe van God gemis Wat afsny na die hart en die hart besny, die dinge van die wêreld afskeur en jou uitdop soos ’n stuk mielie nie. O, hulle . . .

253 As jy soos daardie in hulle kerk gepreek het, sal hulle jou uitgooi. En dis hoe die Heilige Gees gepreek het. Jesus het gesê: “Julle addergeslag! Julle—julle slange in die gras!” En Johannes het, ook, en groot gesalfde manne, het altyd hulle velle afgetrek. Dis reg.

254 Maar hulle het Hom nie gemis nie, want hulle het Dit nie gehad nie. Sien? So hulle het iets bloemryk gehad wat hulle op die rug klop, en gesê het: “Sluit jy net aan, sit jou naam net hier, en—en ons sal jou in jou lidmaatskap inneem. En gaan haal jy jou papier by die ander kerk en ons sal jou ontvang, en—ensovoorts. Nou, jou donasie sal hoeveel wees elke jaar?” Julle sien, daar’s dit: “Ryk, aan niks gebrek nie.” O! Maar julle het gebrek aan die grootste ding en het Dit nie, Jesus wat buite staan en probeer om weer in te kom met pinkster.

255 Wat dink julle sal vanaand gebeur in die Metodiste kerk as die Heilige Gees geval het op die kerk en hulle begin skree, spring, in tale praat en optree soos ’n dronk man . . . klomp dronk mense? Wel, die—die Konferensie sou die Metodiste kerk uit die Konferensie uitgooi. Julle weet dit. Wat sou gebeur in die Baptiste kerk as dit gebeur het? Dieselfde ding. Pinksters? Wel, daar’s baie van hulle, dit net so gebeur het. Sekerlik. Ja, meneer, hulle sal nie daardie onsin verduur nie. Hulle sou sê: “Wel, hulle het selfs ons nuwe matte geruïneer.” Uh-hum, sekerlik. Goeiste! Goeiste! Wat ’n ellendige klomp is hulle. Dis reg.

256 Wel, goed, Hy was eens by hulle. Hy het saam met hulle gewandel in die midde van die sewe goue kandelaars. En hier is die antwoord: denominasies en hulle wêreldse dinge, hulle biskoppe, kardinale, en al hulle wêreldsheid, het Hom verwerp en hulle het Hom nooit gemis nie. En die kerk . . .

257 Nou, wat gaan ons doen om Hom weer in te kry? As Hy nou buitekant die Pinksterkerk is, wat gaan ons doen om Hom weer in te kry? Sal dit ’n eenparige stem van die mense verg om Hom terug te bring? Sal dit die verkiesing van ’n nuwe pous, nuwe kardinaal verg? Of miskien sal dit verg—sal dit—sal dit die opkoms van ’n nuwe denominasie verg. Dit sal nooit dit verg nie! Dit sal dit nooit doen nie. ’n Nuwe denominasie sal dit nie doen nie, ’n nuwe—’n—’n—’n—’n—’n nuwe kardinaal sal dit nie doen nie, ’n nuwe pastoor sal dit nie doen nie, ’n goedbetaalde evangelis sal dit nie doen nie. Daar’s niks in die wêreld wat gedoen kan word behalwe jy jouself nie. Hoe kry ons Hom in? Nie deur ’n stem nie. Nee, meneer. Ons stem Jesus nie weer in nie, want Hy sal nie inkom nie.

258 Hier dit—hier is dit: “As enigiemand My Stem hoor en die deur oopmaak.” Nou, ons weet dan wat die deur is. “As enigiemand die deur sal oopmaak, My Stem hoor.”

259 Nie—nie “As enige kerk . . . As enige organisasie . . . ” Nee, meneer. Hy werk nie met hulle nie, hulle is dood en gedaan om mee te begin. Hy haat dit, Hy het dit altyd gehaat. Hy het gesê Hy het dit gehaat! En Hy haat dit nogsteeds vanaand!

260 “Maar as enigiemand,” enige Metodiste man, enige Baptiste man, enige Presbiteriaanse man, of enige Katolieke man, enige Kerk van God man, Nasareense man, Pinksterman. “Enigiemand

wat My Stem sal hoor en die deur sal oopmaak, sal Ek inkom en maaltyd hou saam met hom en hy met My.” Dis die boodskap aan die Pinksterkerk. Nie probeer om die Pinkster organisasie te laat herleef nie, maar die Pinksterseëning in die individu se hart. Dis die enigste manier. “En Ek sal maaltyd hou saam met hom, en hy, My.”

261 Wat doen die boodskapper aan die kerk. . . leer ons dan, leer—leer die boodskap aan die kerk ons? Nie die groei in die Gees nie. Nee, meneer. Verval van die Gees, ons het die heeltyd ’n verval. Die metode. . . Die—die boodskappers aan die kerk en die boodskap aan elke kerktydperk, het denominasionalisme veroordeel. Elke boodskap aan die kerk, die kerk was die heeltyd aan die verval en wou nie Daarna luister nie. Die—die boodskap aan die kerk was om denominasies te verontagsaam. En dit het Basterchristene gemaak, sogenaamd, dis reg, wat niks van God of die Heilige Gees weet nie. Dis so waar as wat ek op hierdie platvorm staan vanaand. Die goeie, louwarm kerklidmate, net om uit Sy mond gespuug te word.

262 Paulus het gewaarsku, die Heidene was ’n tak. Nou, ek wil hê party van julle, as julle sal, moet blaai na Romeine, die 11de hoofstuk, die 15de tot die 27ste vers, net sodat julle dit kan afmerk, julle almal. En dan, omdat dit laat is, sal ek hierdie nou vir julle aanhaal voordat ek vertrek, want dis ’n. . . Nou, Romeine, as julle dit wil neerskryf, 11:15 tot . . .-twintig tot 27. Paulus het vir hulle gesê, gesê, met die Heidene daar gepraat, die Romeine, hy het gesê: “As God. . . ” Nou, luister terwyl ons die kerktydperke afsluit! Paulus het gesê: “As. . . God het nie die oorspronklike olyfboom gespaar nie, maar het dit afgekap as gevolg van ongeloof.”

263 Is dit reg? Wat het veroorsaak dat hulle afgekap is? Omdat hulle pinkster verwerp het. Is dit reg? Op die Pinksterdag het hulle gespot en die Heilige Gees gelaster.

264 Toe Jesus hier op aarde was, het Hy gesê. . . Hulle noem—het Hom genoem: “Beëlsebub,” gesê “Hy was ’n duiwel,” en “Hy’s ’n fortuinverteller,” wat nog alles.

265 Hy het gesê: “Ek vergewe julle daarvoor, maar wanneer die Heilige Gees gekom het, moet julle nie ’n woord Daarteen spreek nie; want as julle ’n woord Daarteen spreek, sal dit julle nooit vergewe word nie.”

266 En onthou, toe Jesus Sy dissipels opdrag gegee het: “Om nie na die Heidene toe te gaan nie.” Is dit reg? “Maar gaan liewer na die verlore skape van Israel.”

267 Hoe het hulle hulleself veroordeel? Deur die Heilige Gees te laster, deur die Gees van God “iets onrein” te noem. Gespot met Hom toe hulle in die Gees gedans het, ensovoorts, op die Pinksterdag. Daardie selfde stad, hulle wat Daarmee gespot het, Titus het hulle daarbinne doodgemaak en hulle bloed het by die

poorte uitgevloei. Hulle het hulle eie kinders geëet, en alles, in daardie selfde eeu. En dis reg. Een van die grootste volke van die wêreld het die laagste geword, en verstrooi na die el-. . . vier windrigtings van die aarde. As gevolg waarvan? Ongeloof! En dit was die oorspronklike stomp, die oorspronklike boom, Israel.

268 En sê Paulus nie daar nie? Wie het die Skrif net daar? Het dit, Pat? Staan op en lees vanaf die 15de tot die 27ste vers.

> [Broer Pat lees: *Want as hulle verwerping die versoening van die wêreld is, wat sal hulle—sal hulle aanneming anders wees as lewe uit die dood?*—Red.]

> [*En as die eerstelinge heilig is, dan is die deeg ook; en as die wortel heilig is, dan die takke ook.]*

> *[En as sommige van die takke afgebreek is, en jy wat 'n wilde olyfboom was, onder hulle ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom,]*

> *[Moet dan nie teen die takke roem nie; en as jy roem, dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou.]*

> *[Jy sal dan sê: Die takke is afgebreek, sodat ek ingeënt kan word.]*

> *[Goed! Deur ongeloof is hulle afgebreek,. . .*—Red.]

Luister: "Ongeloof!" Goed, gaan voort.

> [*. . . maar jy staan deur die geloof. Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees.*—Red.]

> [*Want as God die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy miskien jou ook nie spaar nie.]*

> *[Let dan op die goedertierenheid en die gestrengheid van God: gestrengheid oor die wat geval het, maar goedertierenheid oor jou as jy in die goedertierenheid bly; anders sal jy ook afgekap word.]*

> *[Maar ook hulle sal, as hulle nie in die ongeloof bly nie, ingeënt word; want God is magtig om hulle weer in te ent.]*

> *[Want as jy afgekap is van die olyfboom wat van nature wild was, en teen die natuur op die mak olyfboom ingeënt kan word, hoeveel te meer kan hulle dan wat dit van nature is, op hulle eie olyfboom ingeënt word?*] Hmm.

> [*Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenhede nie moet weet nie, sodat julle eiewys mag wees nie; dat die verharding van dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het;]*

> *[En so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend;]*

*[En dit is van My kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem.*]

269 Het julle Dit gekry? Paulus het gesê: "As Israel opkom en die tekens hier sien van die Heilige Gees, en afgebreek word . . . " Onthou, omdat hulle Paulus se boodskap verwerp het (doop in Jesus' Naam, bekering en doop in Jesus' Naam, tekens en wonders wat die gelowige volg), en hulle het Dit verwerp. En hulle het gesê:

*. . . kyk, ons wend ons tot die heidene.*

270 Is dit reg? Kom ons kyk, ek glo dit was by die . . . waar hulle die eerste keer Christene geroep het, was by Éfese, Goed, Antiochíë.

271 Nou—nou, as—as die eerste boom heilig was, sy takke heilig, die oorspronklike boom, en omdat hulle die Pinksterboodskap betwyfel het wat Paulus gepreek het (Is dit so?), het God hulle afgebreek en 'n wilde olyfboom geneem (wat die Heidene was, ons) en ons ingeënt dat ons kon lewe uit die ta- . . . die inhoud van daardie boom.

272 Nou, hoeveel te meer in hierdie dag, wanneer ons die Pinksterboodskap verwerp, wat afgekom het deur die kerktydperke, hoeveel te meer is God in staat om daardie wilde olyfboom daarvan af te breek, in elk geval, en die ander een laat inkom? Omdat hy Dit sal verwerp, as gevolg van ongeloof. Nou laat dit inskakel met die boodskap van vanmôre. Julle weet waar ons nou staan, nie waar nie? Ons is aan die endtyd vir die wegneem van die Heidense Kerk, die Wegraping Daarvan; en die inkom van die Heilige Gees om op die Jode te kom, en Jesus wat Homself moet bekendmaak, om die honderd vier-en-veertigduisend te verseël. Daar het julle dit. Die oorspronklike boom weer terug te bring (terug na die Seëning) na Israel.

273 Jesus gaan nie heeltyd buite jou deur staan en klop nie. Daar's 'n tyd wanneer Hy genoeg sal kry en sal wegdraai, dan sal jy die klopwerk doen, maar jy sal Hom nooit vind nie. Kom terwyl dit tyd is. Kom terwyl daar 'n klop is. Moet jy nie tevrede wees met enigiets anders as die doop van die Heilige Gees soos wat hulle gekry het by Pinkster nie, met dieselfde soort waterdoop, dieselfde dinge wat hulle daar gedoen het. Moet jy nie enigiets anders, minder as dit, in jou hart laat plaas nie.

274 Nou, aan julle, my Katolieke vriende, laat ek vir julle iets vertel, julle glo in die maagd Maria. Maagd Maria, wat die moeder van Jesus Christus was, moes opgaan na Pinkster en gevul word met die Heilige Gees, en sy het opgetree soos 'n dronk persoon. Sy was onder daardie honderd-en-twintig, die doop van die Heilige Gees gehad, gepraat in tale en opgetree soos 'n dronk vrou daarbuite, onder die Gees van God. En as die maagd Maria dit moes doen om in die Heerlikheid in te gaan, hoe gaan jy Daar ingaan, met enigiets minder as dit? Dink daaraan. Dis reg.

275 Baptiste. . .Daardie Baptiste prediker hieragter wil seker wees dat dit ook vir die Baptiste gesê word. Dis vir enigiemand, maak nie saak wie dit is nie.

276 So, om net by die kerk aan te sluit en 'n geloofsbelydenis op te sê, en kerk toe te gaan elke Sondagoggend, sal jou niks help nie. Jy maak net 'n bespotting van God. Wees óf 'n regte Christen óf wees glad nie enigiets nie. Wees óf warm óf koud. Wees óf uit. . . Want jy kan nie wees. . . Jy het nog nooit 'n swart-wit voël gesien nie, jy het nog nooit 'n dronk-nugter man gesien nie, jy het nog nooit 'n sondaar-heilige gesien nie. Nee, jy het nie, hulle maak hulle nie. Jy's óf gevul met die Heilige Gees en God woon in jou, óf jy's glad nie. Jy—jy is of jy is nie.

277 So daarom moet jy—moet jy onthou dat Jesus by jou deur staan, en onthou God se belofte hier dat Hy sal in hierdie dae. As gevolg waarvan? Verwerping. Wat het veroorsaak dat Israel afgebreek is, van die oorspronklike boom? Omdat hulle Paulus se Pinksterboodskap verwerp het. En glo julle hierdie is die laaste kerktydperk? Die Bybel het so gesê! En wat sê gaan met hulle gebeur? Hulle gaan afgebreek word vir die verwerping van die Pinksterboodskap, en dan sal God weer terugkeer na die Jode.

278 En die hele Israel sal dan gered word, want Hy sal hulle as 'n volk neem, nie as 'n individu nie. Maar vir jou en my is dit individueel, want Hy kom na die Jode. . .Handelinge, die Boek van Handelinge, het Hy gekom na die Heidene om te neem "mense uit die Heidene om Sy Naam's ontwil," Sy Bruid. "'n Mense," een hier, een daar, een hier oorkant, en Hy werk met ons as individue, en ongeag van ras, geloofsbelydenis, of kleur. Hy werk met ons as individue, dis Sy ruiker wat Hy op Sy altaar sal sit. Maar as die Jode, Hy het altyd met Israel gewerk as 'n volk, hulle is 'n volk mense, Sy volk.

279 Ek is bly vanaand dat ons hierdie Boodskap het. En ek is so bly dat julle bywoon, en ek het julle bywoning so waardeer. Ek is dankbaar teenoor Almagtige God dat Hy my laat sien het wat ek gesien het, en om in staat te gewees het om aan hierdie kerk te bring, en nou is Dit van my hart af. Vir 'n geruime tyd het die Heilige Gees met my hart gedeel, ek kon Dit nie afskud nie, ek moes net Daarmee voortgaan.

Daar's twee dinge wat ek gelei gevoel het om te doen.

280 Om te gaan na Shreveport, Louisiana, vir 'n byeenkoms by Broer Moore. En my vrou wat daar sit kan vir julle sê. Vir weke het ek amper gehuil: "Ek wil na Shreveport toe gaan. *Waarom*?" En enigiemand wat daar by Shreveport was, weet nou *waarom*. Hulle het nog nooit enigiets soos daardie gesien of gehoor nie. Predikers wat van oral af gekom het, Baptiste en verskillende soorte. Een man het gesê hy het begin, sy hand op die yskas gesit, en die Heilige Gees het vir hom gesê: "Gaan na Shreveport, Louisiana, dit sal daar aan jou gesê word wat om te doen." Hom

my naam gesê en waar om te vind . . . Gesê: "Hy sal vir jou sê wat om te doen."

281 Ek het gesê: "Die bad is oop aan die onderkant van die trappe. Jy het die doop van die Heilige Gees nodig." En daar . . .

282 So, dinge soos daardie, mense wat gepraat het, en—en profesieë en dinge wat goed voorspel, wat net daar onder ons gebeur het.

283 Toe het ek gesê: "Ek moet na Jeffersonville toe gaan en hierdie boek skryf, want ek weet nie meer hoeveel langer ek hier gaan wees nie. Maar as ek Hierdie bekendmaak en Dit gaan op skrif, sal die Woorde voortleef nadat ek weg is." Ek het die geskiedenis neergeskryf wat in die boek sal ingaan. En ek kom hier om dit te bring voor die kerk om die inspirasie van die Heilige Gees te vind, want ek het nie hierdie dinge self geweet nie. Dis waar. Dis in die Naam van die Here, dis waar: "Ek het hulle nie geweet nie."

284 Nou voel ek verlig, ek voel God het vir ons die Boodskap gebring. Ek glo ons is aan die einde van die pad, ek glo die uur is hier vir die manifestasie van God om onder ons bekendgemaak te word. En ek weet nie hoeveel langer dit gaan wees nie, maar die uur is op hande.

285 Ons sal soek na daardie grote om op te staan. Hy mag in my dag kom, hy mag in die jonger dag kom, ek weet nie. Hy mag nou reg onder ons wees, ons kan nie sê nie. Die Heilige Gees is hier om ons te lei tot daardie tyd, dan wanneer hierdie leier ons oorneem, sal hy steeds gesalf wees deur die Heilige Gees; die—die Elía sal, natuurlik, wat sal kom. Maar hy sal die leier wees wat die harte van die kinders terugbring, of, die harte van die kinders terug na Vader se Boodskap, terug na ons Hemelse Vader se Boodskap op die Pinksterdag toe Hy Sy Gees uitgestort het.

286 Wat daardie lyntjie, ek het dit net so naby gebring as wat ek kon deur die geskiedenis en Bybel, en gewys dat daardie ding reguit afgekom het deur die kerktydperke, en dis dit vandag, gewys dat denominasies 'n vloek is voor God. Ek hoop dis gevestig in julle gemoed, deur die Bybel, deur die handelinge van die apostels, deur die geskiedenis en alles. Dat . . .

287 En daar is nooit een keer wat God ooit Sy Kerk georganiseer het nie. Die moeder van georganiseerde kerke is die Rooms Katolieke hiërargie. Die Rooms Katolieke Kerk, dis die moeder van die organisasies. En sodra die herlewing uitbreek in enige Protestante groep, gaan hulle reguit terug en doen dieselfde ding. En die Bybel het gesê: "Sy was 'n hoer. En haar, sy het dogters gehad wat kerke uit haar was." Hulle moes vroue wees, om hoere te wees. Daar is sy. So ons sit . . .

288 Maar Hy het ook dit gesê: "Moenie vrees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het 'n welbehae daarin om aan julle die Koninkryk te gee." So mag ons almal, op daardie dag, julle

Metodiste, Baptiste, wat julle ook al is: "Wie ook al die deur sal oopmaak, Ek sal inkom en saam met hom maaltyd hou."

289 Mag ons gereken word, my broers, my susters, mag ons daardie klein kuddetjie gereken word op daardie dag. Mag ons deel wees van daardie klein kuddetjie wat sal wag wanneer Hy kom, soos Hy kom om dit op te tel oor die wêreld. Want die—die Wegraping sal universeel wees. "Daar sal twee in die bed wees. Ek sal een neem; twee op die land, en Ek sal een neem." Wys dit sal nag wees aan een kant van die aarde en daglig aan die ander, sien. So, dis: "Twee sal in die bed wees, twee sal op die land wees," sien: "Ek sal een van elkeen neem."

290 En soos ek vanmôre gesê het, jy sal in die pad afry een van hierdie dae, aan die praat met ma, en jy sal omkyk, sy sal weg wees. Jy sal langs die tafel sit, jou—jou koffie drink of jou ontbyt eet, of—of iets, en die eerste ding waarvan jy weet, sal jy omkyk en pa is nie meer daar nie. Dis presies reg. Dit kom, en ons weet nie watter tyd nie. Maar die ding is, wanneer dit verby is, is dit verby, dan is daar niks meer wat jy daaraan kan doen nie. Jy sê: "Ek het dit vir 'n lang tyd gehoor." Maar jy gaan dit vir jou laaste keer hoor. Dis reg. Dit gaan gebeur, want Dis die Woord van die Here. En, onthou, het Dit enige tyd gefaal deur hierdie agt aande wat ek gepreek het? Maar wat—wat Jesus hier gesê het, het gebeur, en het net presies elke kerktydperk gedoen.

291 En ons sien hierdie kerktydperk reg daarin, en op die einste uur. Selfs vanmôre, in die tipering van die maagde, die einste tyd wat die slapende maagd . . . Nou, julle onthou, die Bybel het gesê dat die slapende maagd . . . toe die geroep uitgegaan het: "Kyk, die Bruidegom kom," die koms van die Here, die verkondiging van die Woord. En wat het toe gebeur? "Die tyd is op hande, atoombomme en alles gereed," die predikers het begin hardloop in die strate en die Boodskap begin uitskree.

292 En sodra hulle dit doen, het die groot kerk, die slapende maagd, toe gesê: "Ag, wel, ons was 'n lang tyd Presbiteriaans, miskien sal ons bestudeer en uitvind. Ja, julle weet, ek glo wel ons het die Heilige Gees nodig." En hulle skryf pamflette en alles Daaroor nou, begin nou. En hulle het gesê: "Sal julle vir ons bietjie Daarvan gee?"

En hulle het gesê: "Nee, ons het net genoeg vir onsself."

293 So, toe hulle gegaan het om die Heilige Gees te kry, gegaan het om deur te bid, soos die kerke, die groot mooi kerke vandag doen, die organisasies. Toe hulle gegaan het om die Olie te kry, het die Bruidegom gekom. So hulle probeer Dit net nou kry, groot kerke, organisasies, groot internasionale vergaderings Daaroor in die—in die georganiseerde kerke, wat sê: "Ons moet terugkom by die Pinksterseëning. Ons moet goddelike genesers in die kerk hê. Ons moet hulle hê wat in tale praat. Ons moet hulle hê wat tale uitlê. Ons moet al hierdie geestelike gawes in ons kerk hê,

en ons sal net met dienste moet begin en dit begin doen." Hulle kry rade, dit begin doen. Terwyl hulle weg was om dit te gaan doen, dis op daardie selfde tyd wat die Bruidegom gekom het en hulle gekry het wat die Olie in hulle lampe gehad het, en weggegaan het.

294 Toe het hulle gekom, en wat het gebeur? Hulle is in die buitenste duisternis gewerp (die Groot Verdrukkingsperiode) waar daar gehuil en geween en gekners van tande sal wees, terwyl die Bruid in die Hemel is. O, goeiste!

295 Dan, aan die einde van daardie drie-en-'n-half jaar, sal Hy kom, soos Josef het, en Homself bekendmaak aan Sy broers. Dit sal oraloor 'n geween veroorsaak, en hulle sal sê. . .Hulle sal hulle families afsonder, en ween en—en sê: "Waar het U daardie littekens gekry?" En—en die deurboorde. . .diegene wat Hom deurboor het, sal Hom sien, en Hy sal Homself bekendmaak aan Sy broers.

296 Nou probeer Hy Homself bekendmaak aan Sy Kerk, en hulle het Hom verstoot. En Hy staan steeds, en klop, en sê: "Is daar nog een daarbinne? Een wat sal oopmaak en My laat inkom en praat met jou?"

297 O, ek's bly, so dankbaar dat ek omtrent. . .baie jare gelede, omtrent agt-en-twintig jaar gelede, daardie klop aan my hart gevoel het. En ek. . .Hy het ingekom, ek het maaltyd saam met Hom gehou en Hy met my van toe af. En ek het die Pinksterseëning ontvang, die Heilige Gees ontvang.

298 Is gedoop in die Naam van Jesus Christus vir die vergifnis van my sonde, die enigste keer wat ek ooit gedoop is in my lewe, een keer. Toe ek net 'n klein seuntjie was, niemand kon my vertel daar was drie Gode nie. Nee, jy kon dit nie in my nek afdruk nie. Jy kan dit nie vir enigiemand gee, wat weet enige. . .weet wat God is nie. Dis reg. So, toe ek gedoop het. . . 'n Baptiste prediker het my gedoop. Ek het gesê: "Ek wil gedoop word in die Naam van die Here Jesus Christus." Dr. Roy E. Davis het my gedoop in die Naam van die Here Jesus Christus, toe ek nog net 'n seun was. Sien? Dis reg. So ek—ek het dit geglo, ek het daarby gebly, en ek weet dis die Waarheid. Dis God se Ewige Woord. Dis reg. Dis reg.

Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

Ek's een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul;
Ek's een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

Al is hierdie mense nie geleerdes nie,
Of spog met aardse roem,
Hulle het almal hulle Pinkster ontvang,
Gedoop in Jesus' Naam;

En verkondig nou, sommer oral rond,
Sy krag bly steeds net so,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van . . .

299 Is julle bly? As jy is, steek jou hand op.

Een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul;

(As jy eers Syne geword het, sal jy bo alle sonde wees, in Jesus Christus se Naam.)

Kom, my broer, soek die seëning
Maak jou hart van sonde vry,
Laat die vreugdeklokke lui in jou
Steek jou hart net aan die brand;
O, dit brand nou hier diep in my hart,
O, ere sy Sy naam,
En ek's bly dat ek kan sê ek's een van hul.
O, een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul, Halleluja;
Een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

Hulle was vergader in die bo-vertrek,
In gebed daar in Sy naam,
Hulle is gedoop met die Heil'ge Gees,
En het krag vir diens ontvang;
Nou wat Hy dié dag gedoen het daar
Sal Hy vir jou ook doen,
Ek's so bly dat ek kan sê . . .

300 Nou kom ons skud hand, voor, agter, en rondom.

Een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul;
Een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

O, een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul;
Een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

Een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul;
Een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

Is julle nie bly julle is een van hulle nie? [Gemeente antwoord: "Ja! Amen! Halleluja!"—Red.] Ek hou daarvan. Luidrugtige groep.

301 Shh! Shh! ['n Broer praat in 'n ander taal. 'n Broer gee 'n uitleg—Red.] Hoe dank ons U, Vader, vir U goedheid en genade teenoor ons, die onwaardiges. Om te dink dat U nou U Boodskap

sou bevestig, Here, die mense belowe het. Ek bid, God, dat U genade op hulle rus.

302 As daar enige hier is wat Hom nie ken as Verlosser nie, jy Hom net nou in jou hart wil vind as Verlosser, sal jy op jou voete staan terwyl ons vir jou bid? Hy het gesê dat Hy sou... het daardie Boodskap daar gegee en Hy wou Sy Woord aan julle bevestig. As daar sommige hier is wat Hom nie ken nie en nie Sy Gees ontvang het nie, Hy praat met julle.

303 Goed, daardie een daaragter. Sal jy net op jou voete staan, broer? ['n Broer in die gemeente praat—Red.] Hy wil gedoop word in die Heilige Gees, is dit so, broer? God seën jou. Staan waar jy is. Is daar nog een wat wil opstaan en sê: "Ek wil gedoop word in die Heilige Gees"? God seën jou, broer. God seën jou. Dis goed. Staan net op jou voete. Bly net op jou voete. Sal daar iemand anders wees wat graag die Heilige Gees wil ontvang en gedoop wil word, onthou wil word in ons gebede net nou, om gedoop te word in die Heilige Gees? Is daar nog een, voor ek sê wat ek wil, sou wou staan en ingesluit word?

> O, sal jy gereken wil word as een van Sy kudde?
> (Sal jy dit doen?)
> Vlekloos van binne, te waak en te wag die gesig
> te aanskou;
> Hy kom weer 'n keer.

304 Hy kom weer. Wil jy Sy vyand wees of wil jy Sy kind wees? 'n Kwaai God op daardie môre, niks anders as die Bloed van Jesus sal Hy herken nie. Hy sal nooit...Jou kerklidmaatskap sal niks wees vir Hom nie. Niks anders as die Bloed nie!

> O, kosbaar is die vloed
> Wat my wit maak soos die sneeu; (...?...)
> Geen ander fontein ken ek,
> Niks anders as die bloed van Jesus.
>
> Wat kan my van sonde was?
> Niks anders as die bloed van Jesus;
> Wat kan my weer heel kom maak?
> Niks anders as die bloed van Jesus.
>
> O, kosbaar is die vloed
> Wat my wit maak soos die sneeu;
> Geen ander fontein ken ek,
> Niks anders as die bloed van Jesus.
>
> [Broer Branham begin die lied neurie—Red.]
> Niks anders as die bloed van Jesus;
> Dit is my geregtigheid,
> Niks anders as die bloed van Jesus.

Is daar nog andere?

O, kosbaar is. . .(Niks kan staan nie, broer,
suster. Die wêreld sink, sy's verlore!)
. . .soos die sneeu;
Geen ander fontein ken ek,
Niks anders as die bloed van Jesus.

305 Stadig, Teddy, as jy sal: "Daar Is 'n Fontein Gevul Met Bloed, getrek uit Emmanuel se are."

306 Nou, vriende, julle wat op julle voete staan, wat—wat probeer om die soetheid van die Here Jesus te aanvaar. Dieselfde Bybel wat vir ons sê dat hierdie dinge sou gebeur, het hulle laat gebeur net presies soos Hy dit belowe het. "Nou, die belofte" het Petrus gesê "kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, selfs dié wat die Here onse God sal roep."

307 Julle het opgestaan omdat julle die seën van God op julle wil hê. En as Sy dienskneg, bid ek vir julle, bid ek dat God julle die doop van die Heilige Gees sal gee. En ek wonder of julle hierdie in julle hart kan doen, as julle opreg is, as julle hierdie belofte aan God sal maak: "God, ek, van hierdie tyd af, wat op my voete staan, wat hierdie doop van die Heilige Gees verlang, ek sal die heeltyd bid en wag totdat U my vervul met die Heilige Gees." Sal julle daardie belofte aan God maak deur julle hande op te steek? "Ek sal die heeltyd bid, heeltyd, totdat U my vervul met die soetheid en goedheid van die Gees."

Ek bid nou my gebed vir julle soos ons ons hoofde buig:

308 Ons Hemelse Vader, hulle is die trofeë van U Teenwoordigheid. Hulle weet dat hierdie Woorde waar is, omdat hulle U s'n is. Hulle weet dat hulle gegee is deur die Heilige Gees, omdat hulle die Woord van God is. En hulle is oortuig dat hulle U nodig het, dat hulle soetheid van die Heilige Gees in hulle lewe nodig het, om hulle oorwinningskrag te gee. "En hulle sal krag uit die Hoogte ontvang," die krag ontvang om 'n Christenlewe te lei, om krag te ontvang om versoekings te weerstaan. Soos die lied wat ons so pas gesing het: "Hulle was vergader in die bovertrek en het gebid in Sy Naam, hulle is gedoop met die Heilige Gees en het krag vir diens ontvang." Dis wat hulle wil hê, krag vir diens om op hulle te kom.

309 Ek bid U, Vader, as U dienskneg, soos U hulle hulle hande gesien opsteek het, hulle het 'n eed aan U afgelê en 'n belofte gemaak, dat hulle nooit sal ophou nie, hulle sal dit nie eenkant sit nie, maar hulle sal bid totdat U hulle vul, Here, tot 'n bevredigende porsie van U Heilige Teenwoordigheid in hulle lewe. Ek bied my gebed aan namens hulle, Here, as U dienskneg, dat hulle gevul sal word met die Heilige Gees. Here, ek bid dat hulle nie hierdie kerk sal verlaat totdat dit gebeur nie, dat hulle net hier sal wees totdat elke siel gevul is met die Heilige Gees. Skenk dit, Here.

310 U is God, die Almagtige, U is gemanifesteer in die vlees om die sonde van die wêreld weg te neem. U het op die derde dag opgestaan, opgevaar na Bo. En U is hier vanaand, onder ons, en in die naam van die Heilige Gees. En ons bid, Vader, dat U, ons dierbare Here, elkeen van hulle sal vul met Uself. En mag hulle 'n—'n seën wees vir U Koninkryk en in die wêreld wat sal kom. En eendag, wanneer U uiteindelik die einde van die pad bereik, dit mag nog vandag wees, ons weet nie wanneer dit sal wees nie. Maar mag ek in staat wees, Here; gereken sal word saam met diegene wat in die Wegraping gaan. Mag hierdie diegene wees wat in die Wegraping gaan. Mag elke persoon, Goddelike Teenwoordigheid en almal wat gevul is met die Gees, wat aan God behoort, in die Wegraping gaan.

311 Neem hierdie in vanaand, Vader. Hulle is nou U s'n, ek vertrou hulle toe aan U. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

312 Nou wil ek hê die res van julle wat langs hierdie mense staan, wat die Heilige Gees het, moet opstaan, julle hande op hulle lê.

. . .'n fontein gevul met bloed,
Getrek uit Emmanuel se are,
En sondaars gedompel onder die vloed,
Verloor elke sondevlek.
Verloor elke sondevlek,
Verloor elke sondevlek;
En sondaars gedompel onder die vloed,
Verloor elke sondevlek.

Die sterwende dief was verheug te sien
Die fontein daar in sy dag;
En daar mag ek, so vuil soos hy,
Al my sonde weg kom was.
Al my sonde weg kom was,
Al my sonde weg kom was;
En sondaars gedompel onder die vloed,
Verloor al my sonde weg.

313 Steek nou julle hande op na God en prys Hom net. Sê: "Dankie, Here. Ek staan op my voete, ek sal U prys. Ek dank U vir U seëninge, vir U goedheid, en vir my die doop van die Heilige Gees te gegee het." Dankie, Here! Dankie, Here! Dank U, dierbare God, om vir ons te gee. . .U hou U belofte, U het so gesê. Ons glo U.

314 Is julle nie bly nie? Sê: "Prys die Here!" Teddy, laat my. . . nog net een: "Ons kry baie mense wat nie kan verstaan. . ." *Dit Is Soos Hemel Vir My.*

Ons kry baie mense wat nie kan verstaan
Hoe ons so bly en vry kan wees;
Ons is oor die Jordaan in Kanaän se land,
En dit is soos Hemel vir my.

O, dit is soos Hemel vir my,
O, dit is soos Hemel vir my;
O, ons is oor die Jordaan in Kanaän se land,
En dit is soos Hemel vir my.

O, wanneer ek bly word, sing ek en ek skree,
Die duiwel glo Dit nie, sien ek;
Maar ek's gevul met die Gees, daar's geen twyfel meer,
En dit is wat fout is met my.

O, dit is wat. . . Hemel vir my, (Prys God!)
O, dit is soos Hemel vir my;
Ek is oor die Jordaan in Kanaän se land,
En dit is soos Hemel vir my.

315 Maak dit julle nie bly nie? Goed. Skud hand met iemand, sê: "Prys die Here!" Dit is soos Hemel vir my, Here.

Neem die Naam van Jesus met jou,
Kind van droefheid en van wee;
Dit bring troos en vreugde vir jou,
Neem dit oral met jou mee.

Dierb're naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd.

Voor die naam van Jesus buig ek,
Aan Sy voete val ek neer,
Koning van konings in die Hemel kroon Hom,
As ons klaar gereis het hier.

Dierb're naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're naam, O hoe soet! (Hoe soet!)
Aardse hoop en Hemelvreugd.

Nou, saggies, met ons hoofde gebuig:

. . . die naam van Jesus altyd,
As 'n skild teen elk' gevaar;
As versoekings om jou saamdrom,
Prewel net daardie Naam dan in gebed.

Dierb're naam, O hoe soet!

*Die Laodicése Kerktydperk* AFR60-1211E
(The Laodicean Church Age)
Die Openbaring Van Jesus Christus reeks

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagaand, 11 Desember 1960, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2018 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org